


Hoofstuk 1

Duitse immigrasie na Suid-Afrika ná 1945

Hierdie studie handel oor Duitse immigrasie na Suid-Afrika ná 1945 met die gebruikmaking van transnasionale geskiedenis as hermeneutiese metodiek in 'n prosopografie met die fokus op Wolfgang Hermann Wehrmeyer as sentrale figuur.



Figuur 1: Wolfgang Hermann Wehrmeyer, Identifikasiekaart, Pretoria, 1955.10.03¹

In hierdie hoofstuk word 'n uiteensetting gegee van die motivering vir hierdie studie. 'n Agtergrond ten opsigte van die voorafgaande geskiedenis tussen Suid-Afrika en Duitsland word kortliks geskets. Die navorsingsvrae en doelstellings word uiteengesit asook die metode van ondersoek wat gevolg is. Aandag word ook gegee aan die etiese kwessies waaraan voldoen moes word vir so 'n studie.

Inleiding

Heelwat Duitse immigrante het ná die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) na Suid-Afrika verhuis. Hulle geskiedenis is slegs fragmentaries opgeteken² en die nalatenskap van dié generasie is vinnig besig om in die herinneringe van die jonger geslag te vervaag. Die persoonlike herinnering aan Wolfgang Hermann Wehrmeyer (voortaan 'Wolfgang Wehrmeyer'³ genoem) in die geskiedenis van die Wehrmeyer-

¹ WPA, Lêer: Belangrike dokumente: Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008); Identifikasiekaart, Pretoria, 1955.10.03, p. 10.

² H. Pfannkuch, *Begegnungen, Missverständnisse, Parallelen, auf deutschen Spuren durch Südafrika*, (Victoria Printers, Pretoria, 1978); H. Gustafsson, *Südafrika und Deutschland: Auf der Suche nach gemeinsame Spuren 632–2009*, (Isensee Verlag, Oldenburg, 2010).

³ WPA, Lêer: Belangrike dokumente van Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008); Geboortesertifikaat-Geburtsurkunde: Wolfgang Hermann Hoyer, nota: Der Ehemann der

familie, is 'n sprekende voorbeeld.⁴ Wehrmeyer was nie 'n prominente openbare figuur wat enigsins in die Suid-Afrikaanse samelewing uitgestaan het nie. In meer as een opsig was hy die toonbeeld van die 'gewone mens'. In die konteks van die familiegeskiedenis was hy egter die grondlegger van die familie Wehrmeyer op Suid-Afrikaanse bodem. Ná die Tweede Wêreldoorlog, waarin hy as tiener 'n regstreekse aandeel gehad het, het Wehrmeyer na 'n nuwe land, Suid-Afrika, verhuis. Ter plaatse het hy 'n vol lewe gelei. Dit is belangrik vir die behoud van die Wehrmeyers se familiegeskiedenis om die herinneringe aan die 20ste eeuse stamvader in Suid-Afrika lewendig te hou. Van besondere belang is die feit dat Wehrmeyer 'n transnasionale ervaring meegemaak het, wat ooreenstem met soortgelyke gewaarwordinge van vele ander land- en tydgenote van Duitse afkoms in Suid-Afrika.

Transnasionaaliteit maak 'n integrale deel uit van hierdie studie. Basch, Schiller en Blanc-Szanton definieer transnasionaaliteit as die proses waar immigrante veelvoudige sosiale verhoudinge vorm tussen die samelewing van waar die immigrant kom en sy nuwe land van immigransie.⁵

Die veelvoudige bindinge van die immigrant tussen sy land van herkoms en die nuwe land van opname, is die wesenlike kenmerk van transnasionaaliteit.⁶ Vir Thomas Faist is die transnasionale sosiale netwerk die basis vir transnasionaaliteit.⁷

Alejandro Portes definieer die begrippe "international, multi-national and transnational" soos volg: internasionaal verwys na verbindings tussen state; multinasionaal het betrekking op institusionele identiteite, soos byvoorbeeld geestelike instellings en ekonomiese instellings (internasionale sakeondernemings); en transnasionaal hou verband met die persoonlike verbindings tussen private individue.⁸

Vanuit hierdie verbindings, oftewel verhoudinge, tussen individue ontstaan netwerke en transnasionale ruimtes, wat op hul beurt veroorsaak word deur intensiewe uitruilprosesse wat op 'n verskeidenheid van maniere manifesteer. Portes verklaar verder dat:

Kindesmutter, Unteroffizier, Hermann Wehrmeyer, hat durch Erklärung vom 22. Oktober 1935 dem Kinders seinen Familiennamen "Wehrmeyer" erteilt, Potsdam, 1951.03.28, p. 3.

⁴ WPA, H.W. Wehrmeyer, Die Wehrmeyers, Deel II. (Ongepubliseerde memoires, Pretoria, 2004).

⁵ Kyk L. Basch, G. Schiller & N. Szanton-Blanc, "Nations unbound, transnational projects, postcolonial predicaments and deterritorialized nation-states", soos aangehaal in N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, (Springer Fachmedien, Wiesbaden, 2012), p. 45.

⁶ Kyk L. Basch, G. Schiller & N. Szanton-Blanc, "Nations unbound...", p. 45.

⁷ Kyk T. Faist, "Grenzen überschreiten – zum Konzept Transnationaler Sozialer Räume.", soos aangehaal in N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 45.

⁸ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 46.

Aus diesen Verbindungen resultieren Netzwerke und transnationale Räume, die durch intensive Austauschprozesse und eine Vielfalt von Erscheinungsformen gekennzeichnet sind.⁹

Vanuit hierdie verbindings volg netwerke en transnasionale ruimtes, wat deur intensiewe uitruilprosesse en veelvoudige verskyningsvorme gekenmerk word.

In die nuwe transnasionale ruimtes ontstaan transnasionale gemeenskappe, wat op 'n andersoortige manier op die verskynsel van globalisering reageer, want:

(W)hat common people have done in response to the process of globalization, is to create communities that set astride political borders and that in a very real sense are neither here nor there, but in both places simultaneously. The economic activities that sustain these communities are grounded precisely on the differentials of advantage created by state boundaries.¹⁰

Die nuwe kommunikasie en vervoertegnologie maak dit moontlik vir immigrante om die groot fisiese ruimtes te oorbrug en om oor groot afstande intensiewe verbinding op te bou en in stand te hou. So word transnasionale netwerke en ruimtes geskep wat oor verskeie lande strek en wat werklik asook virtueel manifesteer.¹¹

Transnasionaaliteit verwys dus na die verskynsel dat immigrante in 'n diaspora 'n blywende verbinding met sowel hul land van herkoms as hul nuwe land van bestemming handhaaf. Dit het ook betrekking op hulle interpersoonlike, menslike skakelingsaktiwiteite.

Hulle maak na alle waarskynlikheid ook kennis met ander mense *in transit* en word sodoende aan andersoortige persepsies van kulturele identiteit blootgestel.¹² Vertoc en Cohen verklaar:

Diaspora implies an ongoing connection with a “homeland”, connection that often takes the form of economic and social ties but may also be only mental – a feeling of being in two places at once.¹³

⁹ Kyk A. Portes, “Transnational entrepreneurs: The emergence and determinants of an alternative form of immigrant economic adaptation.”, soos aangehaal in N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 46.

¹⁰ Kyk A. Portes, “Globalization from below: The rise of transnational communities.”, soos aangehaal in N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 46.

¹¹ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 47.

¹² Kyk D. Hoerder: “Losing national identity or gaining transcultural competence: Changing approaches to immigration history.”, in H.G. Haupt & J. Kocka (eds.), *Comparative and transnational history, Central European approaches and new perspectives*, (Berghahn Books, New York and Oxford, 2009), p. 257.

In die voorwoord van die boek, *Comparative and transnational history: central European approaches and new perspectives*, beskryf Haupt en Kocka transnasionale geskiedenis as 'n vergelykende geskiedenis.¹⁴ Vir hulle is dit duidelik:

Comparative history deals with similarities and differences between historical units, e.g. regions economics, cultures and national states. It is the classical way of transcending the narrow boundaries of national history.¹⁵

In heuristiese terme laat vergelykings die navorser toe om probleme te identifiseer en vrae te vra wat andersins nie moontlik sou wees nie. Historiese vergelykings in beskrywende vorm help om 'n duidelike profiel van individuele gevalle te maak. Spesifieke historiese interessantheite kom net na vore wanneer mens verwys na vergelykende voorbeelde, wat beduidende ooreenkomste in sekere opsigte openbaar en weer in ander opsigte onderling verskil.¹⁶

Mark Tilse bring twee belangrike aspekte van transnasionaaliteit na vore, naamlik taal en huwelike (of anders bewoond, geslagsverkeer).¹⁷ Die betekenis van tweetaligheid (of ook meertaligheid) in die raamwerk van transnasionaaliteit is dat 'n persoon aan twee taalgemeenskappe behoort maar dat daar twyfel is aan watter taal hy die naaste is, watter een sy moedertaal behoort te wees en watter taal hy die maklikste praat of dink.¹⁸ Hierdie onderwerp word verder bespreek in die hoofstuk oor metodologie.

Tweetaligheid is 'n kwantifiseerbare kenmerk van 'n transnasionale identiteit. In die taalopnames tussen die jare 1843 en 1861, is die kategorie "Duits-Poolssprekend" ingesluit (hoewel inkonsekwent) in die distrikte van Posen, Danzig en Bromberg.¹⁹ In elke huwelik of geslagsverkeer (tussen Duitser en Pool) vind die paradigma van sintese sy hoogste vorm van uitdrukking.²⁰ Ook hierdie onderwerp word in die hoofstuk oor metodologie in diepte bespreek.

¹³ Kyk H. Werner, " 'German only in their hearts': Making and breaking the ethnic German diaspora in the twentieth century.", in A. Freund (ed.), *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*, (University of Toronto Press, Toronto, 2012), p. 20.

¹⁴ H.G. Haupt & J. Kocka (eds.), *Comparative and transnational history, Central European approaches and new perspectives*, p. vii.

¹⁵ H.G. Haupt & J. Kocka (eds.), *Comparative and transnational history, Central European approaches and new perspectives*, p. vii.

¹⁶ H.G. Haupt & J. Kocka (eds.), *Comparative and transnational history, Central European approaches and new perspectives*, pp. 3- 4.

¹⁷ M. Tilse, *Transnationalism in the Prussian East: From national conflict to synthesis, 1871-1914*, (Palgrave Macmillan, Hampshire, 2011).

¹⁸ Kyk E. Blocher, "Zweisprachigkeit: Vorteile und Nachteile.", soos aangehaal in M. Tilse, *Transnationalism in the Prussian East: From national conflict to synthesis, 1871-1914*, p. 69.

¹⁹ M. Tilse, *Transnationalism in the Prussian East: From national conflict to synthesis, 1871-1914*, p. 71.

²⁰ M. Tilse, *Transnationalism in the Prussian East: From national conflict to synthesis, 1871-1914*, p. 132.

Gebeure in die verlede wat minder aangenaam is vir sekere groepe om aan herinner te word, het verder dikwels die gevolg van 'n doelbewuste "geheueverlies". Die benadering van transnasionale geskiedenis van ondersoek, vergelyking en kontrastering openbaar en bring na vore hierdie krities belangrike geskiedkundige aspekte wat andersins verlore sou gaan. So byvoorbeeld is daar die optrede van die Duitse *Schutztruppe* in die Namibiese oorlog teen die Herero's, wat gegrens het aan volksuitwissing.²¹ Die gebeure verteenwoordig 'n tydperk wat die teenswoordige afstammeling van die Duitser in Namibië liever van sou wou vergeet,²² want

Polar positions are represented by a clamour for silence or denialism along lines of otherwise well active memorialisation.²³

In hierdie studie is die fokus op die verskynsel *transnasionale geskiedenis* geplaas, met Wolfgang Wehrmeyer as grondlegger van die familie Wehrmeyer in Suid-Afrika in die tydperk ná 1945.

Probleemstelling

Wolfgang Wehrmeyer was een van 17 000 Duitsers wat hulle, in die eerste dekade na die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika kom vestig het.²⁴ Ofskoon hierdie groep immigrante deel uitgemaak het van 'n unieke geskiedenis, was die besondere bydrae wat hulle gelewer het nog nie na behore nagevors nie. Daar het 'n behoefte bestaan aan grondige historiese kennis van die rol wat mense van Duitse afkoms sedert die Tweede Wêreldoorlog in die ontwikkeling van Suid-Afrika gespeel het.²⁵ Dit gaan juis nie net oor bekende figure nie, maar ook (en veral) oor die gewone mense wat op hulle beperkte terrein 'n eiesoortige bydrae gelewer het. In baie opsigte was dit onduidelik hoe die Duitse immigrante in die gemeenskap opgeneem is en watter bydrae hulle ter plaatse gelewer het.

Die transnasionale geskiedenis van Duitsland en Suid-Afrika is nog lank nie behoorlik nagevors nie. Etlike voorbeelde van hierdie vorm van geskiedenisbeoefening in ander wêrelddele, het reeds die lig gesien. Byvoorbeeld, in *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*²⁶ beeld Freund

²¹ Kyk R. Kössler: "Facing postcolonial entanglement and the challenge of responsibility: Actor constellations between Namibia and Germany." in B. Schwelling (ed.), *Reconciliation, civil society and the politics of memory transnational initiatives in the 20th and 21st century*, (Transcript Verlag, Bielefeld, 2012), p. 278.

²² Kyk R. Kössler: "Facing postcolonial entanglement and the challenge of responsibility...., pp. 284-285.

²³ Kyk R. Kössler: "Facing postcolonial entanglement and the challenge of responsibility...., p. 283.

²⁴ W. Schmidt, *Südafrika*, (Kurt Schroeder Verlag, Bonn, 1963), p. 196.

²⁵ Wehrmeyer persoonlike argief, (hierna WPA), Mondelinge onderhouds lêer, MO (3B), E. Leistner, (87), Die Wilgers, Pretoria, 2013.07.01, (NF58, CD: Y-18).

²⁶ A. Freund (ed.), *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*, (University of Toronto Press, Toronto, 2012).

die lewe uit van Duitse immigrante wat ná die Tweede Wêreldoorlog na Kanada geëmigreer het.²⁷ Hy ondersoek hul Duits-Kanadese etnisiteit deur vrae te vra soos: Wat het hierdie mense gedoen? Hoe het hulle hul daaglikse lewe gelei? In watter kringe het hulle beweeg? Watter netwerke het hulle gevorm?²⁸ Daar is selfs van post-nasionale paradigmas gebruik gemaak om vergelykende, transnasionale, transkulturele en diasporiese verhale te vertel. Uit die studie is dit duidelik hoe die Duitse immigrante 'n eie etnisiteit ontwikkel het ten spyte van die doelbewuste Kanadese nasiebouprogram.²⁹ In vele opsigte het 'n soortgelyke ontluikingsproses van transnasionale ervaring ook in Suid-Afrika plaasgevind. Ons kennis oor Duitse immigrasie na Suid-Afrika in veral die tydperk ná 1945, was egter beperk. Die studie dra gevolglik daartoe by om die leemte in ons kennis oor die transnasionaliteit van Duitse immigrante na Suid-Afrika aan te vul.

Duits-Suid-Afrikaanse historiografie

Die Duits-Suid-Afrikaanse historiografie in Suid-Afrika is betreklik omvangryk. Opvallend is dat daar in die geskiedskrywing oor die tydperk vanaf 1652 tot die eerste helfte van die 20ste eeu nouliks van 'n transnasionale strekking gepraat kan word. Schmidt-Pretoria wat vanaf die 1930's oor 'n tydperk van ruim drie dekades navorsing gedoen het, se boek, *Der Kulturanteil des Deutschtums am Aufbau des Burenvolkes*³⁰ is gebaseer op 'n proefskrif van 1938. Hy beskryf die bydrae van die Duitse immigrante in die 18de en 19de eeu aan die Kaap. In die eerste hoofstuk, *Die Umgrenzung von die deutschen Kap Gemeinschaft*,³¹ bou hy voort op die koloniale perspektiewe van Theal³² en Colenbrander.³³ Dan maak hy 'n deeglike studie van alle moontlike Duitse immigrante en skryf 'n kort biografie oor elkeen en sy/haar deelname aan Kaapse bedrywighede. Schmidt-Pretoria dui die betrokkenheid van die Duitser in elke aspek van die Kaapse samelewing aan. Hy bespreek onder meer die ekonomie, die onderwys en die regstelsel. 'n Tipiese kolonialistiese diskoers,

²⁷ Kyk K. Boelkow: "Success through persistence: The beginnings of the Moravian Mission in Labrador.", in A. Freund (ed.), *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*, pp. 63–74.

²⁸ Kyk P. Maeder: "Germans into Europeans: Expellees in postwar Canada.", in A. Freund (ed.), *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*, pp. 227–241.

²⁹ Kyk P. Maeder: "Germans into Europeans: Expellees in postwar Canada"... , pp. 7–15.

³⁰ W. Schmidt-Pretoria, *Der Kulturanteil des Deutschtums am Aufbau des Burenvolkes*, (Hähnchen Verlagsbuchhandlung, Hannover, 1938).

³¹ W. Schmidt-Pretoria, *Der Kulturanteil des Deutschtums am Aufbau des Burenvolkes*, pp. 5–25.

³² G.M. Theal: "History and ethonography of Africa south of the Zambesi", vol. 2, pp. 415–416, soos aangehaal in W. Schmidt-Pretoria, *Der Kulturanteil des Deutschtums am Aufbau des Burenvolkes*, p. 11.

³³ H.T. Colenbrander: "Die Herkunft der Buren." (uit Nederlands in Duits vertaal deur F. Thierfelder), Akademie zur wissenschaftlichen Erforschung und zur Pflege des Deutschtums, Deutsche Akademie, Mitteilungen, Neunzehntes Heft, (1928), p. 827, soos aangehaal deur W. Schmidt-Pretoria, *Der Kulturanteil des Deutschtums am Aufbau des Burenvolkes*, p. 13.

ofskoon meer kultureel as polities, en vereenselwigend met die idee van 'n grootse Duitse identiteit, is aanwesig in die beskrywings van Schmidt-Pretoria.³⁴

In 1955 volg 'n tweede studie van Schmidt-Pretoria met die titel *Deutsche Wanderung nach Südafrika im 19. Jahrhundert*.³⁵ Opvallend is dat, waar die eerste studie die stempel dra van die tydsgees van Nasionaal-sosialisme, met die klem op 'Deutschtum', daar nou 'n minder ideologies-gelade fokus op Duitse immigrasie na Suid-Afrika is. Hy beskryf die lewensverloop van die Duitsers wat as soldate, setlaars, handelaars, fabrikante, besigheidsmense, wetenskaplikes, ontdekkingsreisigers en sendelinge in Suid-Afrika aangekom het. Hoofstukke word gewy aan verskillende groepe immigrante, soos die Bergtheil-onderneming (1847), die Brits-Duitse Krimlegioen en verskeie ander in die jare 1858-1863, 1877-1878 en 1882-1883. Hy bestee ook aandag aan die Duitse sendingorganisasies en Duitse enkelinge in Suid-Afrika tot en met 1899. Die stigting van kerkgemeentes en skole en die uitgee van Duitse publikasies word nagevors. Met sorg word statistieke aangeteken: die herkoms van elke Duitse immigrant, die naam van die skip waarmee hy/sy gekom het, en die persoon se beroep, aktiwiteite en prestasies. Ook in hierdie studie is daar min sprake van transnasionale geskiedenis wat poog om die psige van die Duitsers in Suid-Afrika en die dualiteit van hul werklikheidsbesef uit te druk.

In sy derde boek, *Südafrika*,³⁶ wat in 1963 die lig gesien het, bespreek Schmidt die land, se geografie, klimaat, plantegroei en bevolking - spesifiek die Europeërs, maar ook die inheemse volke. Hy behandel (onder meer) die politieke ontwikkeling en geskiedenis van die land, die ekonomie, vervoerstelsels, energievoorsorging, die landbou, industrie en mynbou. 'n Hele hoofstuk word aan Duits-Suid-Afrikaanse verhoudinge gewy. In beide wêreldoorloë was die twee lande teëstanders, maar ten spyte daarvan was die verhouding tussen die Boere en Duitse volk positief. Tussen die wêreldoorloë, met die bewindsoorname van Generaal J.B.M. Hertzog, ontwikkel daar sterk handelsbande tussen die twee lande. Duitsland voer noemenswaardige hoeveelhede wol in en Suid-Afrika masjinerie.³⁷ Met die bewindsoorname van dr. D.F. Malan in 1948 begin 'n nuwe stroom van Duitse immigrasie na Suid-Afrika. Duitsland se multinasionale ondernemings open filiale in Suid-Afrika, en stuur gevolglik hul geskoolde werksmag waar en wanneer vaardighede benodig word. Die Duitsers het byvoorbeeld onder andere 'n aandeel gehad aan die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Yster- en Staalkorporasie (YSKOR).³⁸ Die soeke in hierdie studie is na die gemeenskaplikheid tussen die Duitsers en veral die Afrikaners in 'n

³⁴ W. Schmidt-Pretoria, *Der Kulturanteil des Deutschtums am Aufbau des Burenvolkes*, p. 61.


³⁵ W. Schmidt-Pretoria, *Deutsche Wanderung nach Südafrika im 19. Jahrhundert*, (Dietrich Reimer Verlag, Berlin, 1955).

³⁶ W. Schmidt, *Südafrika*. (Dit is opmerklik dat die outeur in hierdie boek die 'Pretoria' uit die "van" weggelaat het.)

³⁷ W. Schmidt, *Südafrika*, p. 194.

³⁸ K. Rümelin: "Aus dem Leben in Südafrika.", H. Behrens & H. Stäcker, (eds), *Festschrift zum 50. Kroondaler Deutschen Tag*, (Simmy's Printers, Krugersdorp, 1981), p. 146; R. Otto, "Der Anteil der Deutschen an der wirtschaftlichen Entwicklung.", in *Lantern*, 41(S) (Spesiale uitgawe), Februarie 1992, p. 157.

Suid-Afrika wat snel ontwikkel. Ook hier is die onderwerp selde die dieperliggende geestelike ervaring van Duitsers in Suid-Afrika, 'n uitstaande kenmerk van die transnasionale geskiedskrywing.



Kaart 1: Duitsers buite die grense van Duitsland in 1938, Ausland Deutschtum 1938³⁹

Daar is heelwat aksente op die verpersoonlikte ervarings van Duitsers in Suid-Afrika in akademiese studies, soos dié van E.L.G. Schnell⁴⁰ en P.W.A. Mulder⁴¹, maar ook hier word die ineenskakeling van 'n identiteit wat geskoei is op dié van Duitsland (in die verlede) en terselfdertyd ook dié van Suid-Afrika wat onmiddellik (in die hede) is, nouliks aangespreek. Die geskiedenis van die onderskeie Duitse sending-organisasies is deur verskeie navorsers opgeteken. Wolfgang Reith beskryf die Morawiese sendelinge in *Die Neugründung der Missionsstation Genadendal, 1792*,⁴² en Linda Zöllner die Rynse sendelinge in *Die nasate van die Rynse sendelinge in*

³⁹ M. Behl, *F.W. Dukgers Historischer Schul-Atlas*, (Verlag von Belhagen & Klasing, Bielefeld und Leipzig, 1938), p. 140.

⁴⁰ E.L.G. Schnell, *For men must work: An account of German immigration to the Cape*, (Maskew Miller Limited, Cape Town, 1945).

⁴¹ P.W.A. Mulder, *Die Duitse immigrasie in Natal onder die Bergtheilskema van 1847*, (MA verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1946).

⁴² W. Reith: "Die Neugründung der Missionsstation Genadendal.", in *Lantern*, 41(S), Februarie 1992, pp. 4-47.

Suid-Afrika.⁴³ Werner Schellack se deeglike navorsing oor die Berlynse sendelinge vind neerslag in sowel 'n verhandeling as 'n proefskrif waarvan 'n opsomming in die *Lantern*⁴⁴ verskyn het en Leuschke beskryf die Duitse sendelinge van Hermannsburg in *Hermannsburg Mission Society in Natal and Zululand*.⁴⁵ Ofskoon die familiegeskiedenis van heelparty van die sendelinge en hul nasate bestaan, word dit buite berekening gelaat vir die doeleindes van hierdie studie deurdat die aksent grootliks segmentaal (sendelinge) is en die feit dat sendingimmigrasie na Suid-Afrika ná 1945 aansienlik afgeplat het.

Oor die Duits-Suid-Afrikaanse geskiedskrywing ná 1945 is dit opvallend dat daar steeds aanduidings is van 'n benadering wat die klem plaas op die goeie verhoudinge tussen Duitse immigrante en die Suid-Afrikaanse samelewing. Daar is egter ook sprake van 'n revisionistiese perspektief wat beslag gekry het.

Gustafsson se studie, *Südafrika und Deutschland; auf der Suche nach gemeinsamen Spuren 632-2009*, wat in 2010 gepubliseer is,⁴⁶ poog om die hele geskiedkundige interaksie tussen Suid-Afrika en Duitsland te beskryf. Hy behandel die tydperk vanaf die 17de eeu tot en met die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en spring dan doodluiters na 1994 en die oorgang na die nuwe veelrassige demokratiese bestel. Die beskrywing van die Duitsers in Suid-Afrika ná die Tweede Wêreldoorlog is kort en beknopt. Die aksent val byvoorbeeld hoofsaaklik op die Duitse deelstaat Bremen se aksies teen die Suid-Afrikaanse Apartheidsregering van weleer. Die stadsvaders en inwoners van Bremen het protesaksies en boikotte gereël teen Suid-Afrikaanse produkte (onder meer varsprodukte) en Duitse banke wat met Suid-Afrika besigheid gedoen het.⁴⁷ Hierdie studie spreek grootliks die kwessie van die Apartheidspolitiek aan en ondersoek Duits-Suid-Afrikaanse verhoudinge, sonder om in diepte kennis te neem van die Duitsers wat ter plaatse ingeburger was en die wyse waarop hulle deel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap geword het. Ook in hierdie studie is sleutelaspekte van die transnasionale ervaring van die Duitsers in Suid-Afrika nouliks aangespreek. Ofskoon revisionistiese geskiedskrywing reeds grootliks deel van die hoofstroom van Suid-Afrikaanse geskiedenis geword het, gaan dit oor 'n bepaalde vorm van politieke geskiedenis wat bloot 'n klein gedeelte van die transnasionale ervaring van Duitsers in Suid-Afrika verken.

'n Meer konvensionele studie oor die Duitsers in Suid-Afrika ná 1945 is die werk van Hella Pfannkuch. Sy was oorspronklik van Darmstadt, en het jare lank oor die Duitsers en oor verhoudinge tussen Suid-Afrika en Duitsland navorsing gedoen. 'n

⁴³ L. Zöllner: "Die Rynse sendelinge.", in *Lantern*, 41(S), Februarie 1992, pp. 48–51.

⁴⁴ W. Schellack/Van der Merwe: "Nalatenskap van die Berlynse Sendinggenootskap.", in *Lantern*, 41(S), Februarie 1992, pp. 52–55.

⁴⁵ A. Leuschke: "The Hermannsburg Mission Society in Natal and Zululand.", in *Lantern*, 41(S), Februarie 1992, pp. 56–58.

⁴⁶ H. Gustafsson, *Südafrika und Deutschland: Auf der Suche nach gemeinsame Spuren 632–2009*. (Isensee Verlag, Oldenburg, 2010).

⁴⁷ H. Gustafsson, *Südafrika und Deutschland: Auf der Suche nach gemeinsame Spuren 632–2009*, pp. 531–586.

Voorlopige verslag van haar navorsing het in 1978 verskyn.⁴⁸ Sy het in 1991 na Duitsland teruggekeer om haar navorsing in boekvorm vas te lê. Sy is egter kort na haar aankoms oorlede en die werk is nie voltooi nie. Intussen het Hildemarie Grünewald Pfannkuch se materiaalversameling geredigeer en bygewerk. Daaruit is *Die Geschichte der Deutschen in Südafrika* in 1992 gepubliseer.⁴⁹ Hierdie werk is 'n nuttige, maar inleidende geskiedenis oor 'n tydperk van 350 jaar. Haar beskrywing van die 20ste eeuse geskiedenis is beknop. Ook is daar nouliks sprake van 'n insiggewende transnasionale gesprek oor die Duitsers in Suid-Afrika, in die tydperk ná 1945, wat in die studie ter sprake kom.

Uit bostaande kon die probleemstelling gefundeer word dat daar min bekend was oor die transnasionale geskiedenis van Duitse immigrante wat ná 1945 na Suid-Afrika toe gekom het. Hulle behoort tot 'n generasie wat nou besig is om uit te sterf, en saam met hulle sal hul herinneringe en kennis oor hulle bydrae ook verlore gaan. Respondente met wie onderhoude gevoer is, was in hul tagtiger- en negentigerjare. Gevolglik voldoen hierdie historiese studie aan 'n behoefte om hul herinnering lewendig te hou. Daarmee saam was dit ook noodsaaklik om van 'n gefokusde transnasionale benadering tot die geskiedenis van Duitse immigrante na Suid-Afrika kennis te neem. Sodoende kon sinergie bewerkstellig word met 'n groeiende korpus van transnasionale geskiedskrywing oor Duitse immigrante in ander wêrelddele.⁵⁰

Motivering

Die bestudering van onbekende persoonlikhede en randfigure (soos dié van Wolfgang Wehrmeyer) lewer 'n belangrike bydrae tot die begrip van sosiale strukture en van interaksie tussen mense. Die studie het gefokus op die Duitse immigrante in Suid-Afrika tydens die tweede helfte van die 20ste eeu (die tydperk vanaf 1945). Deur kennis te neem van die verhale oor die bestaansdrama van gewone mense, was dit moontlik om bepaalde historiese verskynsels te belig.⁵¹ Die geskiedenis van die transnasionale ervarings wat Duitse immigrante na Suid-Afrika ervaar het, was 'n terrein wat heelwat waardevolle insigte oplewer het oor die land, sy inwoners en die verbindings van kulturele interaksie met die buitewêreld. Daarom was dit

⁴⁸ H. Pfannkuch, *Begegnungen, Missverständnisse, Parallelen, auf deutschen Spuren durch Südafrika*, (Victoria Printers, Pretoria, 1978).

⁴⁹ H. Grünewald, *Die Geschichte der Deutschen in Südafrika*, (Ulrich Naumann Verlag, Kapstadt, 1998).

⁵⁰ A. Freund, (ed.), *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*. (University of Toronto Press, Toronto, 2012) ; H.G. Haupt & J. Kocka, (ed.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, (Berghahn Books, New York, 2009); S. Wessendorf, *Second-generation transnationalism and roots migration*, (Ashgate Publishing Limited, Surrey, 2013).

⁵¹ W.A. Cruywagen, *Die Cruywagens van Suid-Afrika 1690–1803*, (Kleio, Paarl Print, Paarl, 2007), p. 18.

noodsaaklik dat so 'n studie na die Duitse immigrante na Suid-Afrika ná 1945 onderneem is.⁵²

Relevante vraagstelling

Vir die doeleindes van hierdie studie is volstaan met vroeë, gebaseer op breë tematiese gedagtes rakende die ervaringe van die Duitse immigrante. Gegewe die gebrek aan gefundeerde kennis oor die geskiedenis van die 20ste eeuse Duitse immigrante in Suid-Afrika is die volgende navorsingsvrae gestel:

- 4.1 Wat is transnasionale geskiedenis, en hoe kan hierdie benadering tot die geskiedenis in Suid-Afrika ondersoek word?
- 4.2 Sou dit moontlik wees om die lewensbeskrywing van 'n individuele Duitse immigrant (Wolfgang Wehrmeyer) na Suid-Afrika vanuit 'n transnasionale perspektief te beskryf?
- 4.3 Is dit moontlik om bruikbare empiriese gegewens oor Duitse immigrasie na Suid-Afrika in die 20ste eeu, tesame met die individuele gegewens van Wolfgang Wehrmeyer, prosopografies saam te snoer met die doel om die transnasionale geskiedenis van interaksie tussen Suid-Afrika en Duitsland beter te verstaan?
- 4.4 Kan sekere gevolgtrekkings uit die beskikbare gegewens gemaak word?

Navorsingsdoelstellings

Die navorsingsdoelstellings van hierdie studie het gelê op verskeie vlakke. Die biografie van Wolfgang was die fokus en vertrekpunt van hierdie studie en is gebruik binne 'n prosopografie. Deur middel van die metodologiese grondslae van die geskiedenis as dissipline is daar gepoog om navorsing oor die Duitse immigrante te doen. Gegewe die gedetailleerde uiteensetting van die doelstellings soos reeds uiteengesit, is die volgende navorsingsdoelwitte ter sake:

- 5.1 om 'n grondige ondersoek na transnasionale geskiedskrywing te doen, en die toepassing daarvan in 'n Suid-Afrikaanse konteks na te gaan;
- 5.2 om binne die konteks van die familiegeskiedenis 'n transnasionale blik op die wel en weë van 'n Duitse immigrant, Wolfgang Wehrmeyer, in Suid-Afrika te werp;

⁵² E. Leistner, [leistner.gme@telkomsa.net], Rol van Duitse immigrante na 1945 in SA, Wehrmeyer motivering, privaat e-pos aan H.W. Wehrmeyer, [hermann@fitzanne.co.za], 2013.10.19.

- 5.3 om bruikbare empiriese gegewens oor Duitse immigrasie na Suid-Afrika in die 20ste eeu met gebruikmaking van 'n prosopografiese werkswyse saam te snoer en dit terselfdertyd in 'n transnasionale historiese studie te ontsluit;
- 5.4 om 'n bestekopname te maak van die immigrasie van Duitsers na Suid-Afrika ná 1945 en van hul transnasionale belewenisse ter plaatse, en om met Wolfgang Wehrmeyer as hooffiguur die beskikbare historiese materiaal te gebruik om terreine van transnasionale belewenis te interpreteer; en
- 5.5 om sekere gevolgtrekkings te maak oor die transnasionale geskiedenis van Duitse immigrante, en veral Wolfgang Wehrmeyer, in Suid-Afrika, ná 1945.

Sentrale teoretiese stelling (hipotese)

Die Duitse immigrante wat in die tweede helfte van die 20ste eeu na Suid-Afrika toe gekom het, was deel van 'n transnasionale geskiedenis ervaring wat in beide Duitsland en Suid-Afrika geanker was. Die ondersoek na die lewe van Wolfgang Wehrmeyer in transnasionale konteks en teen die agtergrond van lewensbeskrywings van ander tydgenootlike Duits-Suid-Afrikaanse immigrante ná 1945, het ons begrip oor die transnasionale geskiedenis verhelder.

Metode van ondersoek

Die insameling van inligting vir hierdie studie het reeds in 1979 begin, met die ontvangs van die boek *1100 Jahre Schale*⁵³ as 'n geskenk. Laasgenoemde handel oor die geboortedorp van die navorser se oupa. Met verloop van jare is boeke en artikels oor dié onderwerp versamel, klankopnames gemaak en inligting genoteer. Dit alles word nou in 'n persoonlike argief saamgevat en deurlopend uitgebrei.

'n Eenvoudige, doeltreffende argief en stelsel van rekordhouding waarin data, dokumente, foto's, en klankopnames bewaar word, is ontwikkel. Die doel hiermee was om bronne wat toereikend is vir 'n geloofwaardige studie oor die Duits-Suid-Afrikaanse transnasionale geskiedeniservaring in te samel. 'n Dubbele argiefstelsel is gebruik, bestaande uit eerstens 'n fisiese argief en tweedens 'n elektroniese argief. Die fisiese argief bestaan uit lêers met geskrewe of gedrukte dokumente. Die elektroniese argief bevat digitale klankopnames en digitale (of gedigitaliseerde) foto's en tekste. Die inhoud van albei argiewe word volgens 'n gepaste stelsel georden om die inligting maklik te ontsluit.

Die gebruik van 'n prosopografiese benadering het gedien as vertrekpunt en basis vir die insameling en die notering van die inligting. Die lewensverhaal van Wolfgang Wehrmeyer het as sentrale verwysing gedien, in samehang met die biografiese

⁵³ F.E. Hunsche, *1100 Jahre Schale*, (Ibbenbürener Vereinsdruckerei, Ibbenbüren, 1978).

inligting wat oor ander Duitse immigrante na Suid-Afrika ná 1945 ingesamel is.⁵⁴ Die geheelbeeld kan vergelyk word met die ruggraat van 'n vis. Omdat elke individu se ervarings uniek is, is dit met ander individue se biografiese inligting aangevul om sodoende 'n gemeenskaplike waarneembare groepsidentiteit daar te stel. Só is die ervarings en herinneringe van ander Duitse immigrante toegevoeg tot die ruggraat (die lewensverhaal van Wolfgang Wehrmeyer) om 'n geheelbeeld te skep.

Ná 'n omvattende heuristiese proses is die prosopografiese inligting krities ontleed en geïnterpreteer in ooreenstemming met benaderings wat reeds met welslae in die Duitse transnasionale historiografiese tradisie toegepas is. Die metodologie van prosopografie en die navorser se spesifieke benadering tot die terrein word volledig in die studie uiteengesit. Die teorie van transnasionale historiografie word verduidelik om aan die leser te toon hoe die lewensverhaal van 'n tipiese Duitse immigrant na Suid-Afrika binne transnasionale historiese kontekste verstaan kan word.

Lewis Namier (1888-1960) se bekendste werk, *The structure of politics at the accession of George III*, het in 1929 verskyn.⁵⁵ In dié werk het Namier van prosopografie gebruik gemaak om gegewens oor elke lid van die Britse parlement in die tweede helfte van die 18de eeu te ondersoek. Dit was die eerste keer dat in moderne Britse historiografie van die prosopografiese benadering geskiedskrywing gebruik gemaak is.⁵⁶ Lawrence Stone (1919-1999), wat ook hierdie benadering gebruik het, het dié metodologiese instrument soos volg gedefinieer:

Prosopography is the investigation of the common background characteristics of a group of actors in history by means of a collective study of their lives. The method employed is to establish a universe to be studied and then to ask a set of uniform questions – about birth and death, marriage and family, social origins and inherited economic position, place of residence, education, amount and source of personal wealth, occupation, religion, experience of office and so on. The various types of information about the individuals in the universe are then juxtaposed and combined and are examined for significant variables. They are tested both for internal correlations and for correlations with other forms of behaviour or action.⁵⁷

Prosopografiese studies hou bepaalde voordele vir historiese studies in. Byvoorbeeld 'n prosopografiese studie van lede van 'n Middeleeuse gulde vir slagters van die gebied Brugge (in die teenswoordige België) het lig gewerp op byvoorbeeld hoe die lede vir die gulde gewerf is en watter loopbane hulle gevolg het. Daaruit was dit moontlik om te verklaar hoe hul sosiale, politieke en ekonomiese

⁵⁴ WPA, MO (2B), G. Kahler, gebore von Hennenberg, (87), Garsfontein, Pretoria, 2012.10.18, (NF26, CD: V-18).

⁵⁵ J.M. Price, "Party, purpose and pattern: Sir Lewis Namier and his critics.", in *Journal of British Studies*, 1(1), November 1961, p. 71.

⁵⁶ J.M. Price, "Party, purpose and pattern: Sir Lewis Namier and his critics.", in *Journal of British Studies*, 1(1), November 1961, p. 74.

⁵⁷ L. Stone, "Prosopography.", in *Daedalus*, 100(1), Winter 1971, p. 46.

verhoudinge met verloop van tyd ontplooi het.⁵⁸ Inligting van hierdie aard kan waardevolle lig werp op breë aspekte van die tipiese individu in 'n breë algemene groepering van mense wie se lewensverhale in samehang beoordeel word.

Om 'n prosopografie saam te stel, verbind die navorser die onderskeie herinneringswêrelde en integreer hy/sy individuele gesigspunte binne 'n kollektiewe geskiedenis. Dieselfde gebeur in die proses van intergeneratiewe samevoegings. Hierdie proses speel homself spontaan af wanneer 'n jonger geslag die herinneringe van hul voorsate verwerk teen die agtergrond van hul eie ervarings en waardes. Sodoende dra hulle die geskiedenis na die toekoms oor. Waar hierdie proses van oordraging nie plaasvind nie, veroorsaak onuitgesproke gebrek aan begrip dikwels diep klowe van verwydering tussen generasies. Anders gestel: dik mure van stilswye word gevorm.⁵⁹

Literatuurontleding

Die biografiese inligting en die antwoorde op die navorsingsvrae is uit beskikbare primêre bronne en argiewe⁶⁰ nagevors. Die primêre bronne het bestaan uit oorspronklike dokumente, foto's en vertellings in die navorser se persoonlike argief, en sluit ongepubliseerde herinneringe,⁶¹ private dokumente⁶² en verhale, vraelyste en onderhoude in, asook ander inligting wat tot 'n sinteseformaat verwerk is. Bronne kritiek is toegepas om die egtheid van dokumente te bepaal. Eksterne en interne kritiek is toegepas om veral handgeskrewe dokumente se outentisiteit vas te stel. Die materiaal wat gebruik word, is in ooreenstemming met die vereiste metodologiese riglyne vir hermeneutiese navorsing uitgevoer en in die korpus van die studie ingeskakel.

Sekondêre bronne omvat gepubliseerde boeke, joernale, en web- of tydskrifartikels oor die immigrasie van Duitsers en hul bydrae in Suid-Afrika. Bronne wat nagespeur is vir verdere verwysings is gepubliseerde boeke, tydskrifte, koerante, argiefmateriaal van staatsargiefbewaarplesse.

Vir agtergrondskennis, maar ook ter wille van 'n meer omvattende begrip is inligting oor die Duitse volk en ander Germaanse volke se immigrasiesyfers versamel en dan

⁵⁸ Kyk K. Verboven, "A short manual to the art of prosopography.", in K.S.B. Keats-Rohan, (ed.), *Prosopography approaches and applications: A handbook*, (Occasional Publications UPR, Oxford, 2007), p. 36.

⁵⁹ Kyk K. Verboven, "A short manual to the art of prosopography.", in K.S.B. Keats-Rohan, (ed.), *Prosopography approaches and applications: A handbook*, p. 8.

⁶⁰ Die Hesse argiefbewaarples vir Duitse Afrikana, Unisa, Pretoria; Die Suid-Afrikaanse Nasionale argiefbewaarples, Hamiltonstraat, Pretoria; Duitse argiefbewaarples Berlyn - Deutsche Dienststelle (WASt), Eichborndamm 179 - Berlin.

⁶¹ WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (67), Kromdraai-Noord, Bothaville, 2000.01.06, (NF 01, CD: W20-24).

⁶² WPA, Lêer: Belangrike dokumente van Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), Dokument: Bestuurslisensie-Führerschein, Berlin, 1952.08.07, p. 33.

vergelyk met die totale syfers oor Europese emigrasie vir die tydperk 1945 en 1960. Statistiese gegewens is ontleed met die doel om tendense grafies uit te beeld. Vir hierdie doel is Peberdy se studie *Selecting immigrants: national identity and South Africa's immigration policies, 1910-2008*⁶³ gebruik. Sodoende kon ook kennis geneem word van mense van ander wêrelddele wat die tweede helfte van die 20ste eeu na Suid-Afrika verhuis het.

'n Empiriese ondersoek

Die vraelys is in Afrikaans opgestel en in Duits en Engels vertaal. Die vraelys was aan individuele Duitse immigrante gegee om in te vul nadat die doel van die ondersoek met die respondente bespreek is.

Respondente was sonder aansien des persoons uit die navorser se onmiddellike omgewing en deur verwysings geselekteer, met die enigste vereiste dat die persoon of sy/haar onmiddellike voorouers uit Duitsland, of vanuit 'n Duitssprekende gebied of voormalige gebied in Europa, afkomstig moes wees en dat hulle ná 1945 na Suid-Afrika gekom het.

Die inligting wat uit die vraelyste bekom is, is in Excel-formaat in 'n elektroniese databasis opgeneem en ontleed. Daar was onder meer gelet op:

- jaar van geboorte;
- plek van geboorte;
- jaar van emigrasie;
- laaste woonplek in Duitsland;
- kwalifikasies verwerf en beroep in Duitsland beoefen;
- beroep in Suid-Afrika beoefen;
- kort beskrywing van loopbaan;
- eie mening oor bydrae tot Suid-Afrika gelewer;
- burgerskap;
- huistaal en kultuur; en
- tweede- en/of derdegenerasie-familielede se taal en kultuur.

Vrae tydens onderhoude aan respondente was spontaan en het ontwikkel uit die gesprek wat plaasgevind het en 'n oop vraagstelling benadering was gevolg. 'n Totale aantal van 75 Duitse immigrante was bestudeer.

⁶³ S. Peberdy, *Selecting immigrants: National identity and South Africa's immigration policies, 1910–2008*, (Wits University Press, Johannesburg), pp. 260–290.

Etiese aspekte

Met inagneming van etiese beginsels, het die navorser gepoog om tydens die opname alle geskiedkundige gegewens akkuraat, eerlik en objektief aan te teken.⁶⁴ Die mondelinge onderhoude het hoofsaaklik ten doel gehad om inligting te versamel van die persoonlike ervarings en belewenisse van die respondente. Hierdie studie het gehandel oor navorsing ten opsigte van transnasionisme en die transnasionaliteit van die Duitse immigrant na Suid-Afrika ná 1945. Die inligting word gevolglik beskou as deel van openbare of gemeenskapsbesit in die vorm van kennis oor die geskiedenis wat van historiese waarde gereken word. Deelname aan die projek was volkome vrywillig en respondente was gevra om hul bereidwilligheid skriftelik te bevestig. Die strekking van die navorsing is aan respondente meegedeel. Die keuse om anoniem te bly het by die persoon met wie daar onderhoude gevoer was berus.⁶⁵

Ter verduideliking: Die Duitse aanhalings is so ver moontlik deeglik in die teks net voor of net na die aanhaling vry vertaal, verduidelik en geïnterpreteer. Die Duitse aanhaling word gegee as ondersteuning tot die vertaling in hierdie gevalle. Waar nodig elders, is die Duitse aanhaling volledig vertaal en net onder die aanhaling in Afrikaans gegee.

Die biografiese inligting oor Wolfgang Wehrmeyer word nie altyd kronologies behandel nie weens die metodiek en raamwerk van transnasionisme en transnasionaliteit wat voorrang geniet. Om die kronologiese lewensverloop van Wolfgang daar te stel, word 'n vereenvoudigde kronologie in aanhangsel 1 gegee.

In die volgende hoofstuk word die transnasionisme/transnasionaliteit bespreek.

⁶⁴ J.W.N. Tempelhoff, *Verhuldiglike verlede, aspekte van die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis*, (Uitgewery, Kleio, Vanderbijlpark, 2010), pp. 56 - 57.

⁶⁵ C. Gouws, *Vestiging langs die Vaalrivier in die omgewing van die Vredefortkoepel, 1840-2012*, (Ph.D, Vaaldriehoekampus van die Noordwes-Universiteit, Vanderbijlpark, 2013), p. 21.

Hoofstuk 2

'n Verkenning van transnasionale historiografie en teorie

Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n grondige ondersoek te doen na transnasionale historiografie, asook die toepassing daarvan in 'n Suid-Afrikaanse konteks. Transnasionaleiteit maak 'n integrale deel uit van die voorgenome studie. Die studie is 'n poging om te beskryf en gelyktydig teoreties te reflekteer op die terrein van die transnasionaleiteit van Duitse immigrante na Suid-Afrika in die tydperk ná 1945.¹

Die vraag wat gestel word in hierdie hoofstuk is: Wat is die betekenis van transnasionaleiteit en verwante konsepte in die konteks van 'n transnasionale geskiedenis, en hoe kan hierdie metodologie gebruik word om 'n bepaalde hoofstuk in die geskiedenis van Suid-Afrika te skryf?

Omdat die verskynsel van transnasionaleiteit die gevolg is van immigrasie en immigrasie die agtergrond is waarteen transnasionaleiteit afspeel, is dit belangrik om immigrasie te verstaan. Steven Vertovec, direkteur van die Max-Planck-Instituut vir die studie van godsdiens en etniese verskeidenheid,² meen dat die fenomeen nog baie navorsing nodig het en dat maniere gevind moet word om, onder andere, die sosiale kompleksiteite, transnasionale huwelike, ineengestremgelde politiek en kulture van immigrante te bestudeer.³ Hy verklaar:

Since the early 1990s, while ethnicity has remained of much interest to anthropologists, the anthropology of migration has witnessed the steady growth of *transnationalism* as perhaps its foremost topic of interest. In recent years transnationalism has become one of the fundamental ways of understanding contemporary migrant practices across the multidisciplinary field of migrations studies.⁴

Die hele transnasionale paradigmaskuif in immigrasie studies, het ontwikkel in die 1990's en vroeë 2000's en het gelei tot 'n uitgebreide studieveld. Sleutel antropologiese werke het as katalisatore tot hierdie tendens bygedra.⁵

¹ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, (Springer Fachmedien, Wiesbaden, 2012), p. 9.

² S. Vertovec, (ed.), *Anthropology of migration and multiculturalism*, (Routledge, New York, 2011).

³ S. Vertovec, (ed.), *Anthropology of migration and multiculturalism*, p. i.

⁴ S. Vertovec, (ed.), *Anthropology of migration and multiculturalism*, p. 4.

⁵ S. Vertovec, (ed.), *Anthropology of migration and multiculturalism*, p. 4.

Immigrasie is 'n belangrike faktor in sosiale veranderinge, omdat dit beskou kan word as 'n onafhanklike sowel as 'n afhanklike veranderlike in die ondersoek van verandering. 'n Gebied kan toeneem in populasie deur die invloed van mense of verminder deur 'n uitvloeï. Dit word erken dat immigrasie die belangrikste faktor is in die differensiasie van bevolkingstendense.⁶ As sulke immigrasie-bewegings van mense selektief is ten opsigte van individue, in terme van ouderdom, geslag, ekonomiese en sosiale eienskappe, dan sal die somtotaal in die demografiese en sosio-ekonomiese samestellings van 'n bepaalde gebied se populasie verantwoord word. Die immigrant kan veranderinge inisieer in sy nuwe plek van verblyf deur nuwe idees, waardes en vaardighede aan te bied. Verder is immigrasie 'n twee-rigting proses, wat reageer op ekonomiese en sosiale veranderinge en is gelyktydig 'n katalisator wat verandering veroorsaak in 'n gebied wat immigrante wen of emigrante verloor.⁷

Migrasiebewegings van mense en volke en hul invloed op mekaar het progressief toegeneem danksy Europese koloniale moondhede wat die kolonies beïnvloed het, maar later het die kolonies ook 'n invloed op die koloniale state gehad.⁸ Verder het die ontwikkeling van informasie tegnologie globalisering versnel en 'n invloed uitgeoefen op alle kulture van die wêreld.⁹

Sonder immigrasie sou daar nie sprake van transnasionale historiografie gewees het nie en sou individue nie transnasionale mentaliteite ontwikkel het nie. Daarom is dit belangrik om immigrasie kortliks aan te spreek.

Definisies van immigrasie en emigrasie

Die betekenis van die woord "migrasie of immigrasie" varieer volgens hoe mens 'n "spesifieke" afstand definieer. Die woord is afgelei uit die Latynse woord *migrare*, wat beteken om mens se plek van verblyf te verander, maar volgens huidige definisies beteken dit eerder om van die een gemeenskap na 'n ander gemeenskap te gaan.

The meaning of migration also varies according to how a "significant" distance is defined. The word derives from the Latin *migrare*, to change one's residence, but by current definitions it means rather to change one's community.¹⁰

⁶ G.L. Lewis, *Human migration a geographical perspective*, (Crown Helm, London, 1982), p. 1.

⁷ G.L. Lewis, *Human migration a geographical perspective*, p. 1

⁸ Kyk A. Eckert, "Germany and Africa in the late nineteenth and twentieth centuries." in H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, (Berghahn Books, New York, 2009), p. 229.

⁹ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 46.

¹⁰ N. Castree, R. Kitchin and A. Rogers, (eds.), "Migration." *A Dictionary of Human Geography* by [http://www. Oxfordreference.com/view/10.1093/acref/9780199599868.001.0001/acref-9780199899868-e-1183](http://www.Oxfordreference.com/view/10.1093/acref/9780199599868.001.0001/acref-9780199899868-e-1183), geraadpleeg, 2015.01.31.

Charles Darwin maak die stelling dat die mens konstant migreer.¹¹ Migrasie is die mens se oudste vorm van reaksie wanneer daar 'n tekort aan kos ervaar word en armoede bestaan. Immigrasie help dié meeste wat gehelp wil word. Dit is goed vir die land waarheen hulle gaan en dit breek die ewewigstand van armoede in die land vanwaar hulle kom.¹²

Man is a mobile creature, capable of enquiring, susceptible to suggestion, and endowed with imagination and initiative. This explains why, having conceived the notion that his wants might be satisfied elsewhere, he may decide not merely on going there, but also the means by which his project can be achieved.¹³

Een van die uitsonderlikste eienskappe van die mens is sy geneigdheid om te migreer. Sy frekwensie van immigrasie en die afstande wat hy immigrer maak hom uniek.¹⁴ Sedert die mens sy geskiedenis begin boekstaaf het, het immigrasie nie net in volume toegeneem nie, maar ook in die konteks van afstande wat mense gereis het.¹⁵ Om te emigreer beteken om jou plek of land van verblyf te verlaat.¹⁶

Emigration – The act of departing or exiting for one state with a view settling in another.¹⁷

So 'n persoon word dan as 'n emigrant in sy land van herkoms beskou. 'n Persoon wat na 'n ander land gaan en daar bly vir die res van sy lewe, is 'n immigrant.¹⁸

Internasionaal is daar nie 'n algemeen aanvaarde definisie vir 'n immigrant nie. Die term immigrant word in die meeste gevalle beskryf as 'n persoon wat uit vrye wil besluit om, vir persoonlike redes van voordeel, sonder dwang, self en met sy familie na 'n ander land of streek te verhuis met die vooruitsig van beter moontlikhede en sosiale omstandighede.¹⁹

¹¹ M. Livi-Bacci, *A short history of migration*, (Polity Press, Cambridge, 2012), p.1.

¹² P. Legrain, *Immigrants, your country needs them*, (Little Brown group, London, 2007), p. 1.

¹³ G.L. Lewis, *Human migration a geographical perspective*, p. 1.

¹⁴ G.L. Lewis, *Human migration a geographical perspective*, p. 1.

¹⁵ G.L. Lewis, *Human migration a geographical perspective*, p. 1.

¹⁶ S. Anderson, *et al.*, (eds.), *Collin's English Dictionary & Thesaurus*, (HarpersCollins Publishers, Glasgow, 2006), p. 270.

¹⁷ Anon., "Key Migration Terms – International Organization for Migration", p. 4/9, Source: *Glossary on Migration, International Migration Law, Series No. 25, 2011*, <http://www.iom.int/cms/en/sites/iom/about-migration/key-migration-terms-1.html#Immigration>, geraadpleeg, 2014.12.31.

¹⁸ S. Anderson, *et al.* (eds.), *Collin's English Dictionary & Thesaurus*, (HarperCollins Publishers, Glasgow, 2006), p. 417.

¹⁹ Anon., "Key Migration Terms – International Organization for Migration", p. 5/9, Source: *Glossary on Migration, International Migration Law, Series No. 25, 2011*, <http://www.iom.int/cms/en/sites/iom/about-migration/key-migration-terms-1.html#Immigration>, geraadpleeg, 2014.12.31.

The United Nations defines a migrant as an individual who has resided in a foreign country for more than one year irrespective of causes, voluntary or involuntary, and the means, regular or irregular, used to migrate. Under such a definition, those travelling for shorter periods as tourists and businesspersons would not be considered migrants.²⁰

Een van die vroeë baanbrekers op die terrein van immigrasiestudies was Ernst Ravenstein, wat 'n stel *wette van immigrasie* in 1889 ontwikkel het. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat immigrasie meestal gedryf word deur keuse, of soos hy dit beskryf het, begeerte.²¹

Bad or oppressive laws, heavy taxation, an unattractive climate, uncongenial social surroundings, and even compulsion, slave, trade, transportation, all have provided and are still producing currents of migration, but none of these currents can compare in volume with that which arises from the desire inherent in most men to better themselves in material respects.²²

Ravenstein het immigrasie as 'n "stoot-trek" proses gedefinieer, waar ongunstige omstandighede in die plek van "stoot" voorkom en gunstige omstandighede in die eksterne land die trekpleister is. Daarbenewens sê Ravenstein se wette dat die volume van immigrasie verminder oor langer afstande en dat migrasie in fases geskied, in plaas van 'n lang uitgerekte beweging van mense. Bewegings is bilateraal en die persoonlike aspekte van die immigrant, byvoorbeeld geslag, sosiale klas en ouderdom, beïnvloed die persoon se mobiliteit.²³

Tradisionele literatuur oor migrasie is geneig om die standpunt te huldig dat die motivering vir immigrasie en die keuse van die land van bestemming meestal bepaal word in terme van die "stoot-trek"-teorie van migrasie. Bevolkingsverskuiwing word beoordeel ten opsigte van stoot- en/of trekfaktore in die soeke van die immigrant na 'n beter lewe.²⁴

Van die faktore wat die verhoging in immigrasiegetalle na die Tweede Wêreldoorlog veroorsaak het, kan moontlik toegeskryf word aan:

1. 'n Verhoging in die uitruilbaarheid en vermoë van vaardighede;
2. Meer toegang tot inligting oor werkseleenthede;
3. Groter bekostigbaarheid van reisgelde;

²⁰ Anon., "Key Migration Terms – International Organization for Migration", p. 5/9, Source: *Glossary on Migration, International Migration Law, Series No. 25, 2011*, <http://www.iom.int/cms/en/sites/iom/about-migration/key-migration-terms-1.html#Immigration>, geraadpleeg, 2014.12.31.

²¹ R.D. Savia, *Migration of Canadian and South African knowledge workers*, (MA, Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, 2011), p. 19.

²² R.D. Savia, *Migration of Canadian and South African knowledge workers*, p. 19.

²³ R.D. Savia, *Migration of Canadian and South African knowledge workers*, p. 19.

²⁴ R.D. Savia, *Migration of Canadian and South African knowledge workers*, p. 15.

4. Die verbetering van kommunikasietegnologie;
5. Aggressiewe werwingsveldtogte.²⁵

Die “stoot-trek” model differensieer tussen stootfaktore wat mense motiveer om hul land te verlaat teenoor faktore wat immigrante lok na ’n nuwe plek. Stootfaktore vind plaas in die stuurlande, dit is wat die emigrant²⁶ oorsee stuur, terwyl trekfaktore dit is wat in die ontvangende state gebeur. Die belangrikste stoot faktore is die gebrek aan werk en armoede. Volgens hierdie siening is ekonomie die belangrikste rede vir migrasie. Navorsing dui daarop dat finansiële sekuriteit en werksomstandighede ’n verdere rede vir immigrasie is.²⁷

Ander immigrasie-teorieë sluit in die humanitêre kapitaalteorie (mensekapitaalteorie), die neoklassieke ekonomiese teorie en die segment (dualiteits-) arbeidsmark teorie.²⁸

Hier volg ’n uiteensetting van ’n paar van hierdie immigrasieteorieë.

- **Humanitêre kapitaalteorie** voorspel dat immigrasie menslike hulpbronne sal lei na areas van groter moontlikhede van ’n beter finansiële inkomste, weg van arm gebiede. Permanente immigrante van hoëgehalte menslike kapitaalbronne is van spesiale belang vir enige “ontvangende ekonomie”, omdat die invloed oor ’n langer tydperk ’n groter impak het op die produktiwiteit en standaard van lewe.²⁹ Die vloeï van kapitaal en multinasionale korporasies oorskry nasionale grense en is bydraers tot hoër integrasie van globale arbeidsmarkte, veral tussen hoogs opgeleide werkers met kennis.
- **Die neoklassieke ekonomiese teorie** stel voor dat internasionale immigrasie verband hou met die globale aanbod en vraag na arbeid. Nasies met ’n tekort in hul arbeidsmark en ’n groot vraag na arbeiders sal beter salarisse betaal, wat immigrante sal trek van ’n nasie wat ’n surplus van arbeid het.³⁰
- **Gesegmenteerde (dualiteits-) arbeidsmarkteorie.** Hierdie teorie stel voor dat ontwikkelde ekonomieë dualisties van aard is. Eerstens het hulle ’n primêre mark wat ’n stabiele, goedbetaalde werkerskorps het. Tweedens is daar ’n sekondêre mark met laag besoldigde werk. Immigrante word gewerf om die laagste besoldigde werk te doen wat belangrik is vir die algehele

²⁵ R.D. Savia, Migration of Canadian and South African knowledge workers, p. 18.

²⁶ S. Anderson, *et al.*, (eds.), *Collin’s English Dictionary & Thesaurus*, (HarperCollins Publishers, Glasgow, 2006), p 270.

²⁷ R.D. Savia, Migration of Canadian and South African knowledge workers, pp. 16, 18, 19,20.

²⁸ R.D. Savia, Migration of Canadian and South African knowledge workers, p. 16.

²⁹ R.D. Savia, Migration of Canadian and South African knowledge workers, p. 16.

³⁰ R.D. Savia, Migration of Canadian and South African knowledge workers, p. 16.

ekonomie om te funksioneer, maar wat die plaaslike populasie nie wil doen nie.³¹

Potensiële emigrante doen 'n koste-voordeel analise voordat hulle vertrek. Die voornemende emigrant begin visualiseer oor die nuwe land, balanseer die voordele en koste en neem dan 'n finale besluit.³²

Politieke en godsdienstige diskriminasie dwing persone om oor nasionale grense te vlug.³³ Natuurrampe asook oorloë veroorsaak verlies aan inkomste, wonings en werk. Die 1951 Geneefse Konvensie definieer die status van 'n vlugteling en verbind die lande wat die konvensie onderteken het. Die konvensie definieer die kwalifikasies vir só 'n immigrant en verbind die lande om nie só 'n vlugteling terug te stuur na 'n land waar hulle vervolg sal word nie.³⁴

Ter opsomming

Ekonomiese faktore, soos hoër lewenstandaarde en beter salarisse, is belangrike trekfaktore vir potensiële emigrante. Die meeste ontwikkelde lande het 'n behoefte aan immigrant-arbeid. Wat die algemene kwaliteit van lewenstandaard in die nuwe land vir mense aantreklik maak, is bestaande kulturele en gemeenskaps-institusionele raamwerke, publieke geriewe, sosiale sekuriteit en etniese ooreenkomste. Dit is enkele faktore wat relevant vir die doeleindes van hierdie bespreking is.³⁵ Veral die etniese faktor het nuwe Duitse immigrante in Suid-Afrika ná 1945 gehelp om in te skakel by ou gevestigde Duitse gemeenskappe.

In 1952 het Australië bepaal dat die land ongeveer 200 000 immigrante benodig en dat die enigste drie lande in Europa met surplusbevolking en opgeleide emigrante met gevraagde vaardighede, was Nederland, Italië en Wes-Duitsland.³⁶ Van die vroegste immigrante in die deelstaat Suid-Australië was Duitse setlaars en hul prestasies is aangeteken in geskiedkundige rekords. Duitsers is gestereotipeer in Australië as hardwerkende, lojale en goeie burgers,³⁷ wat net 'n bate vir die land kon wees.³⁸ Na die tekening van 'n immigrasieverdrag met Duitsland in 1952, het daar tot

³¹ R.D. Savia, *Migration of Canadian and South African knowledge workers*, p. 17.

³² R.D. Savia, *Migration of Canadian and South African knowledge workers*, p. 20.

³³ R.D. Savia, *Migration of Canadian and South African knowledge workers*, p. 18.

³⁴ R.D. Savia, *Migration of Canadian and South African knowledge workers*, p. 20.

³⁵ R.D. Savia, *Migration of Canadian and South African knowledge workers*, p. 21.

³⁶ J. Schmorte, "Attitudes towards German Immigration in South Australia in the post-Second World War Period, 1947-1960", in *Australian Journal of Politics and History*, 51(4) 2005, p. 532.

³⁷ J. Schmorte, "Attitudes towards German Immigration in South Australia in the post-Second World War Period, 1947-1960", in *Australian Journal of Politics and History*, 51(4) 2005, p. 532.

³⁸ J. Schmorte, "Attitudes towards German Immigration in South Australia in the post-Second World War Period, 1947-1960", in *Australian Journal of Politics and History*, 51(4) 2005, p. 532; J. Tampke, *The Germans in Australia*, (Cambridge University Press, New York, 2006), p. 3.

teen die middel van die 1960's ongeveer 81 000 Duitse immigrante met staatsubsidies na Australië geïmmigreer, terwyl nog 18 000 Duitse immigrante op eie koste geïmmigreer het.³⁹

Suid-Afrika se nuwe immigrasiebeleid ná 1948 is verwoord deur Eben Dönges, die destydse minister van binnelandse sake. Die doel van die immigrasiebeleid was om die bestaande samestelling van die blanke bevolking en lewenswyse te behou – om die destydse populasie te beskerm teen siektes, verkeerde morele waardes en om hul vooruitsigte vir werk te bevorder. Die beleid het erkenning gegee aan die vaardigheidsbehoefte van die ontwikkelende ekonomie.⁴⁰

Die Federale Republiek van Duitsland het weer 'n selfregerende staat geword, nadat 'n demokratiese konstitusie wat die regte van die individu gewaarborg het aanvaar is. Wes-Duitsland se industrieë het aanvanklik ná die oorlog stadig begin herstel en in 1951 was daar nog steeds nie genoeg werksgeleenthede vir die ongeveer 12 miljoen etniese Duitsers wat hulle huise as gevolg van die Potsdamverdrag in Oos-Europa moes verlaat nie.⁴¹ Oorbevolking is beskou as 'n bedreiging vir politieke stabiliteit en ekonomiese lewensvatbaarheid. Dit is dan ook waarom die *International Organization for Migration* (IOM), of die *Provisional Intergovernmental Committee for Movements from Europe*, (PICMME)⁴² soos dit toe bekend gestaan het gestig is, naamlik om as 'n tydelike internasionale organisasie te dien sodat hulle kon help met beplanning om internasionale immigrasie te bevorder. Dwarsdeur die 1950's het die IOM gehelp met die ontwikkeling van 'n stroom immigrante van Wes-Europa na hoofsaaklik Australië en Kanada.⁴³ Suid-Afrika het ook deur dié diens baat gevind.

Teen die begin van die 1960's het die ekonomie van Wes-Europa wonderbaarlik en beduidend herstel en was werkloosheid feitlik uitgewis. 'n Groot skaalse inter-Europese immigrasie het gevolglik begin plaasvind, veral vanaf Joegoslavië en Turkye. Duitsland se veel besproke “Werkswonder” het druk vir emigrasie opgelos en gelei tot 'n substansiële vraag na immigrante of vreemde arbeid, om werkers te verskaf vir sy groeiende ekonomie.⁴⁴

Nou terug na die verkenning van transnasionale historiografie en in besonder die begrippe transnasionaliteit en transnasionalisme.

³⁹ J. Schmortte, “Attitudes towards German Immigration in South Australia in the post-Second World War Period, 1947-1960”, in *Australian Journal of Politics and History*, 51(4) 2005, p. 531.

⁴⁰ D.W. Krüger, *The making of a Nation, a history of the Union of South Africa, 1910-1961*, (Macmillan, Johannesburg, 1969), p. 246.

⁴¹ J.N. Purcell, “Foreword”, in R.T. Appleyard, *International migration challenge for the nineties. IOM – International Organization for migration*, (Imprimerie Genevaise, Genève, 1991), p. ii.

⁴² J.N. Purcell, “Foreword”, in R.T. Appleyard, *International migration challenge for the nineties. IOM – International Organization for migration*, p. iii.

⁴³ J.N. Purcell, “Foreword”, in R.T. Appleyard, *International migration challenge for the nineties. IOM – International Organization for migration*, p. iii.

⁴⁴ R.T. Appleyard, *International migration challenge for the nineties. IOM – International Organization for migration*, p. 12.

Definisies vir transnasionaaliteit en transnasionaalse

Volgens Huang is die begrip “transnasionaaliteit” nog in ’n evolusionêre proses. Transnasionaaliteit word nog nagevors vanuit ’n verskeidenheid dissiplines en ontbreek steeds aan ’n goed gedefinieerde teoretiese raamwerk. Transnasionaaliteit word gebruik in huidige transnasionale navorsingsmetodologie om hoofsaaklik die immigrant se transnasionale situasie te beskryf weens sy gedurige beweging, werklik of virtueel, tussen twee of meer plekke, oor nasionale grense heen, wat die gevolg is van die vooruitgang van tegnologie, soos vervoer en telekommunikasie.

Conceptionality, the landscape of transnationality is a variegated and evolving one, researched by scholars from a variety of disciplines and still lacking a well-defined theoretical framework. While the term “transnationality” is more often than not implied, rather than explicitly employed in much of the current transnationalist scholarship, it continues to be used primarily in the context of immigrant transnationalism to emphasize the state of simultaneous embedded in and apparent fluidity of movement between, multiple locales that many trans migrants in the era of globalization experience due to the changes in the nature of capitalism and the advancement of technology.⁴⁵

Bauböck en Faist verwys na die “Wittgenstein se afleiding”-beginsel, wat beteken dat die betekenis van die woord “transnasionaaliteit” afgelei kan word uit die manier waarop ander akademici die woord gebruik.

The goal is not to settle once and for all the conceptual debate by proposing coherent and authoritative definitions. We have instead come to the Wittgensteinian conclusion that the meaning of transnationalism and diaspora must be inferred from their actual uses. This pragmatic attitude suggests also that the best test for the present academic value of these concepts lies in their capacity to trigger new research perspectives and questions.⁴⁶

Die volgende paragrafe is ’n voorbeeld van bogenoemde. Uit die titel waar transnasionaaliteit genoem word en die daaropvolgende beskrywing van die skryfster van wie sy is, beskryf sy haar herkoms en identiteit. Dus kan afgelei word dat die woord “Transnasionaaliteit” verwoord die betekenis van: “ ’n Persoon met ’n oor-transnasionale grense-heen-identiteit”.

⁴⁵ S. Huang, “Transnationality”, in R. Kitchin & N. Thrift, (eds.), *International Encyclopedia of Human Geography*, (National University of Singapore, Singapore, 2009), pp. 404-409. <http://www.sciencedirect.com/science/article/pii/B9780080449104010129>, geraadpleeg, 2014.09.05.

⁴⁶ R. Bauböck & T. Faist, (eds.), *Diaspora and transnationalism, concepts, theories and methods*, (Amsterdam University Press, Amsterdam, 2010), p. 7.

In die titel van 'n gepubliseerde werk, *Baby Janay and Naomi Pabst: Negotiating race mixing, adoption and transnationality*,⁴⁷ kom die woord “transnationality” (of in Afrikaans vertaal “transnationaliteit”) voor.

In die artikel beskryf Naomi Pabst haarself soos volg:

I am black and white, interracially adopted and I have geographical affiliations in Canada, Germany and the United States of America. My life, like that of many others, unfolds in a vortex of complicated juxtapositions, a veritable mesh-mash of identity factors and socio-cultural forces.⁴⁸

Naomi is gebore in 1968 en haar biologiese vader was swart en haar moeder wit. Haar hospitaalnaam was Baby Jane voordat sy aangeneem is deur 'n interkulturele egpaar, waar die moeder van 'n Kanadees-Britse agtergrond was en die vader 'n Duitse immigrant, gebore in Kenia, wat nie Engels kon praat nie toe hy na Kanada geïmmigreer het.⁴⁹ Al definieer of gebruik Pabst nie die terme “transnasionaaliteit” in die artikel nie, gaan die artikel oor haar en ander soos sy van 'n transnasionale, multikulturele agtergrond en hoe hulle hul eie “transnasionale identiteite” uitleef.

Die woord “transnasionaaliteit” is 'n betreklik nuwe term in historiografie. Die woord kon glad nie gevind word in 'n ondersoek na verskeie woordeboeke beskikbaar in die biblioteek van die Noordwes-Universiteit se Vaaldriehoek-kampus nie. Die woord naaste aan hierdie woord is “transnasionaal”, of dan in Engels “transnational”. Hier volg 'n paar verwysings na die betekenis soos verkry uit 'n aantal woordeboeke:

Transnational, (adj.), extending beyond the boundaries, interests, etc. of a single nation.⁵⁰

“Transnational” geen verwysing,⁵¹

Transnational, (adj.), extending or operating across national boundaries. Derivatives, Transnationalism (noun); transnationally (adverb).⁵²

⁴⁷ N. Pabst, “Baby Janay and Naomi Pabst: Negotiating race mixing, adoption and transnationality”, in *The Black Scholar*, 39(3/4), Fall/Winter 2009, p.33.

⁴⁸ N. Pabst, “Baby Janay and Naomi Pabst: Negotiating race mixing, adoption and transnationality”, in *The Black Scholar*, 39(3/4), Fall/Winter 2009, p.33.

⁴⁹ N. Pabst, “Baby Janay and Naomi Pabst: Negotiating race mixing, adoption and transnationality”, in *The Black Scholar*, 39(3/4), Fall/Winter 2009, p.33.

⁵⁰ S. Anderson *et al.*, (eds.), *Collins Concise English Dictionary*, (Harper Collins Publishers, Glasgow, 2012), p. 1770.

⁵¹ P. Procter, *et al.*, (eds.), *Cambridge International Dictionary of English*, (Cambridge Press, Cambridge, 2002).

⁵² J. Pearsall & P. Hanks, (eds.), *Oxford Dictionary of English*, (Oxford Press, Oxford, 2010), p. 1890.

Transnational, (adj.), transcending or reaching beyond national boundaries.⁵³

Transnational, (adj.), affecting or involving several different countries.⁵⁴

Transnational, (adj.), involving more than one country or existing in more than one country, transnational corporations.⁵⁵

Die woord “transnasionaaliteit” kom wel gereeld voor in die huidige literatuur oor transnasionale geskiedenis. Die wyse waarop en konteks waarin die woord gebruik word, dui aan dat dit ’n samevoeging is van die woord, “transnasionaal”, soos gedefinieer hierbo, en “identiteit”. Identiteit word soos volg gedefinieer;

The fact of being, who and what a person or thing is, the characteristics determining this, serving to establish the identity of the owner.⁵⁶

’n Noukeurige ondersoek van die inhoud in *Anthropology of migration and multiculturalism*,⁵⁷ het aan die lig gebring dat die terme etnisiteit – *ethnicity* en transnasionaalisme – “transnationalism” deurgaans gebruik is, maar dat die term transnasionaaliteit – “transnationality” nie gebruik word nie.

In die *International Encyclopaedia of Human Geography*,⁵⁸ gee Ley ’n breedvoerige beskrywing van transnasionaalisme. Hy sê:

Transnationalism, in the context of international migration, refers to the repeated movement of immigrants and their families between their homeland and their receiving country and the on-going set of contacts and activities that they sustain across national borders. It replaces the older idea of permanent settlement in a new land with the notion of temporary settlement and circular movement between origin and destination. This, “transnationalism from below” includes more than continuing social connections with families and friends.⁵⁹

⁵³ M. Boyer, *et al.*, (eds.), *The American Heritage Dictionary*, (Houghton Mifflin Company, Boston, 1982), p. 1288.

⁵⁴ M. Hoey, *et al.*, (eds.), *Macmillan English Dictionary*, (Macmillan Publishers Limited, Oxford, 2007), p.1594.

⁵⁵ M. Mayor, *et al.*, (eds.), *Longman Dictionary of Contemporary English*, (Pearson Education Ltd, Essex, 2009), p. 1878.

⁵⁶ J. Pearsall, (ed.), *Concise Oxford Dictionary, Tenth Edition*, (Oxford University Press, Oxford, 1999), p. 705.

⁵⁷ S. Vertovec, (ed.), *Anthropology of migration and multiculturalism*, (Routledge, New York, 2011).

⁵⁸ D. Ley, “Transnationalism”, in R. Kitchin & N. Thrift, (eds.), *International Encyclopaedia of Human Geography*, (University of British Columbia, Vancouver, 2009), pp. 388-393.

⁵⁹ D. Ley, “Transnationalism”, R.Kitchin & N. Thrift, (eds.), *International Encyclopaedia of Human Geography*, pp. 388-393.

As 'n aspek van *transnasiona­lisme*, is daar die toedeling van 'n begrip “politieke inhoud en 'n ideologiese ingesteldheid”. Die ‘-isme’ in transnasiona­lisme suggereer 'n ideologie.⁶⁰ Sommige immigrante in die diaspora mag betrokke raak in hul tuisland se politiek. Sommige lande mag selfs uitreik na hul oorsese burgers of voormalige burgers.

Diaspora politics also engage some immigrants and just as diasporas participate in homeland politics, so some sending countries are reaching out to maintain connections with their overseas citizens and former citizens. Transnationalism presents some challenges for nation-states, for migrants, aided where it exists by dual citizenship, live in a social space that crosses national borders and may opportunistically make use of different resources in both sending and receiving countries.⁶¹

Benewens die sosiale verkeer van immigrante, is daar ook ekonomiese en politieke verbintenisse. Geld wat teruggestuur word na die land van herkoms, dra by tot die ontwikkeling van die plaaslike ekonomie van daardie land. Transnasiona­lisme bied sekere uitdagings aan nasie-state. Immigrante met dubbele burgerskap, wat lewe in sosiale ruimtes wat nasionale grense oorkruis, maak dikwels op 'n opportunistiese wyse gebruik van die hulpbronne van beide lande. Hierdie grensoorbruggingshandelinge bring belangrike vrae na vore oor die betekenis van nasionale lojaliteite en burgerskap in 'n globale transnasionale era.⁶²

Smith, wanneer hy “transnational citizenship” bespreek, vra:

In our current epoch of ever increasing transnational interconnectivity and heightened global mobility, what is the future of national identity formation and engaged citizenship?⁶³

Die vraag wat hier gevra word, is: “Wat is die toekoms van nasionale identiteitsvorming in 'n wêreld van transnasionale of post-nasionale identiteite?”

Lamphere,⁶⁴ beskryf die transnasionale lewe van 'n Amerikaanse, Rooihuidmeisie Eva, haar lewe in die Anglo-Amerikaanse Protestantse milieu en terselfdertyd haar lewe as 'n Navajo-inboorling en haar huwelikseremonie wat deels volgens

⁶⁰ T. Faist, “Diaspora and transnationalism: What kind of dance partners?” in R. Bauböck & T. Faist, (eds.), *Diaspora and transnationalism, concepts, theories and methods*, (Amsterdam University Press, Amsterdam, 2010), p. 11.

⁶¹ D. Ley, “Transnationalism”, R.Kitchin & N. Thrift, (eds.), *International Encyclopaedia of Human Geography*, pp. 388-393.

⁶² D. Ley, “Transnationalism”, R.Kitchin & N. Thrift, (eds.), *International Encyclopaedia of Human Geography*, pp. 388-393.

⁶³ M.P. Smit, “The two faces of transnational citizenship”, in S. Vertovec, (ed.), *Anthropology of migration and multiculturalism*, p. 139.

⁶⁴ L. Lamphere, “Migration, assimilation and the cultural construction of identity: Navajo perspectives”, in S. Vertovec, (ed.), *Anthropology of migration and multiculturalism*, pp. 177-195.

Navajokultuur en deels Westers was. Die terme wat hier gebruik word, is “transnational.” Eva se sosiale toestand/situasie word beskryf as transnasionaal.

Gevolgtrekking

Uit die literatuur oor immigrasie blyk dit dat die konsep of idee van transnasionaaliteit en transnasionaalisme verwant is aan mekaar. Onder die begrip transnasionaaliteit gaan dit oor die transnasionale identiteit van die immigrant. Transnasionaalisme gaan oor die veelvoudige verwantskappe, vriendskapsbande en interaksies wat mense verbind asook instansies oor die grense van nasionale state heen. Die twee idees, transnasionaaliteit en transnasionaalisme is nie in konflik met mekaar nie, maar komplimenteer mekaar.

Transnationalism refers to multiple ties and interactions linking people or institutions across the borders of nation-states.⁶⁵

Volgens Tempelhoff⁶⁶ het transnasionaaliteit betrekking op ’n sosiale toestand, terwyl transnasionaalisme ’n sterker politieke inhoud het en dui op ’n ideologiese ingesteldheid.

Nasionaalisme het te doen met ’n ideologiese ingesteldheid. Transnasionaaliteit het te doen met meer as net ’n politieke en ideologiese ingesteldheid – dit het te make met die groter begrip van ’n transnasionale identiteit. Hier verwys “nasionaal” na nasionale state, na soewereine lande; die immigrant, wat in twee verskillende nasionale state leef, oor nasionale grense heen.

Dit kom voor asof menige skrywers oor die onderwerp nie heeltemal seker is oor hoe hulle transnasionaaliteit wil definieer nie. Vir die doel van hierdie studie word *transnasionaaliteit* gedefinieer as die transnasionale identiteit van die immigrant en die groep immigrante van dieselfde tuisland. Verder is *transnasionaalisme* ’n omvattende begrip vir alles rondom die immigrant – metodiek, beginsels, prosesse, alles wat gebeur met die immigrant. Deur die verskillende aspekte van transnasionaalisme te ondersoek en te analiseer, behoort ’n mens aan die einde van die dag ’n oorsig te hê oor die identiteit van die immigrant, dit is sy transnasionaaliteit. Die begrippe *transnasionaaliteit* en *transnasionaalisme* is die uitgangspunte van hierdie studie.

⁶⁵ S. Vertovec, *Transnational*, (Routledge, New York, 2009), p. 9; Kyk T. Faist, “Diaspora and transnationalism: What kind of dance partners?” in R. Bauböck & T. Faist, (eds.), *Diaspora and transnationalism, concepts, theories and methods*, p. 9.

⁶⁶ J.W.N. Tempelhoff, [noreply@studensupervisor, com], Hoofstuk 3 , private e-pos aan Hermann Wehrmeyer, [hermann@fitzanne.co.za], gedateer: 2014.08.05.

Die teorie van transnasionaliteit

Immigrante bring lewens- en wêreldbeskouings met hulle saam, wat reeds in hul land van herkoms gevorm is. Hulle het 'n eie identiteit gevorm. Hulle oorbrug nasionale grense wanneer hulle verhuis na 'n nuwe land met unieke uitdagings en (groter) kulturele diversiteit – soos Suid-Afrika, met sy heterogene samelewing. Die nuwe immigrante moet hul lewens binne die nuwe kulturele omgewing voortsit. Aan die een kant moet hulle aanpas om te oorleef en aan die ander kant wil hulle hul eie kultuur behou. Hulle integreer dus nuwe gewoontes met hul eie kulturele verwysingsraamwerk om 'n nuwe bestaanswerklikheid te (kan) skep.⁶⁷ Hulle vorm 'n nuwe aangepaste identiteit. Terwyl die nuwe omgewing hulle beïnvloed, beïnvloed hulle terselfdertyd die mense en die nuwe omgewing waarin hulle hulself bevind, want, soos verklaar deur Ruokonen-Engler:

Migration als Übergang aus einer Gesellschaft in eine andere einen Transformationsprozess, bzw., eine zweite Sozialisation im Lebensarrangement der Frauen hervorruft um somit auch die Subjektivierung und Selbstpositionierung beeinflussen kann. Außerdem kann davon ausgegangen werden, dass Identität und Subjektivität als ein ständiges >>Werden<< zu verstehen ist so dass der Migration zwangsläufig Änderungen der Subjekt- und Identität Konstruktion stattfinden.⁶⁸

Migrasie as oorgang van een na 'n ander gemeenskap is 'n transformasieproses. So is daar bv., 'n tweede sosialisering in die lewenspatroon van vroue wat hul subjektiewe selfposisionering beïnvloed. Daarom kan van die standpunt uitgegaan word dat die nuwe identiteit as 'n konstante “wording” verstaan moet word. Die immigrasieproses presipteer veranderinge in die subjektiewe en identiteitskonstruksie van die immigrant.

Tydens immigrasie van die een gemeenskap na die ander vind daar 'n transformasieproses in die wese van die immigrant plaas. 'n Tweede sosialiseringproses begin, sy lewensomstandighede en sy subjektiewe belewenisse en selfposisionering word beïnvloed. Immigrasie het die gevolg dat die identiteitskonstellasie van 'n immigrant verander.

Ob dem so ist und falls ja, inwieweit und in welche Art und Weise Migrationsprozesse dann biographische Transformationsprozesse verursachen, bzw., Folge von biographischen Transformations=

⁶⁷ M.K. Ruokonen-Engler, “Unsichtbare Migration?” *Transnationale Positionierungen finnischer Migrantinnen: Eine Biographieanalytische Studie*, p. 20.

⁶⁸ M.K. Ruokonen-Engler, “Unsichtbare Migration?” *Transnationale Positionierungen finnischer Migrantinnen: Eine Biographieanalytische Studie*, p. 20.

prozessen sind wurde in die vorliegende Studie anhand von biographischen Fallanalysen untersucht.⁶⁹

Of dit so is, indien wel, in welke mate en op watter wyse immigrasieprosesse dan biografiese transformasieprosesse veroorsaak, (bv., die gevolge van biografiese transformasieproseses) word in die voorgelegde studie aan die hand van biografiese gevalleanalises ondersoek.

Die vraag word gestel of dit so is en, indien wel, hoe intens en op welke wyse die immigrasieprosesse die biografiese transformasieprosesse beïnvloed. Hier verwys Ruokonen-Engler na hoe sy in haar studie die transnasionaaliteit van vroulike Finse immigrante na Duitsland aan die hand van biografiese gevallestudies ondersoek het.

Den empirischen Gegenstand dieser Studie bildeten die Biographien von Migrantinnen finnischer Herkunft, die als solche von der Öffentlichkeit sowie von der Wissenschaft kaum wahrgenommen werden. Denn sie gelten als “religiös und ethnisch” unauffällig, sowie als erfolgreich integriert.⁷⁰

Die empiriese doelwit (onderwerp) van Ruokonen-Engler se studie is om vroulike immigrante van Finse herkoms, deur middel van hul biografieë, na te vors. Hierdie groepie mense word amper nie deur die publiek of wetenskaplikes waargeneem omdat aspekte van “godsdienst en etnisiteit” as minder belangrik beskou is en hulle so oënskynlik onopsigtelik in die Duitse samelewing geïntegreer het.

Godsdienst speel 'n kritieke rol in die konstruksie van 'n persoon se identiteit. Dit gee waarde aan die lewe en vorm 'n morele waardesisteem. Immigrante gebruik godsdienst om alternatiewe lojaliteite en ruimtes te skep waar mense aan mekaar kan behoort.⁷¹ Wanneer immigrante hul volgehoue lojaliteit uitdruk deur hul godsdienst eerder as deur hul etnisiteit of politiek, is dit belangrik om die verskil te verstaan wat dit maak tussen die land wat stuur en die land wat ontvang. Duitse immigrante in Suid-Afrika het ook so binne kerk- en skoolverband hul transnasionaaliteit beleef, in 'n meervlakkige samelewingswêreld. Die Duitse regering is in 'n mate betrokke by sy emigrante in Suid-Afrika. Die Duitse ambassade behou kontak met die Duitse privaatskole, kerke en die Duitse gemeenskap in die breë. Baie emigrante/immigrante voel 'n gebondenheid en lojaliteit aan beide hul land van

⁶⁹ M.K. Ruokonen-Engler, “Unsichtbare Migration?” *Transnationale Positionierungen finnischer Migrantinnen: Eine Biographieanalytische Studie*, pp. 20-21.

⁷⁰ M.K. Ruokonen-Engler, “Unsichtbare Migration?” *Transnationale Positionierungen finnischer Migrantinnen: Eine Biographieanalytische Studie*, p. 21.

⁷¹ P. Levitt, “‘You know, Abraham, was really the first immigrant’, Religion and transnational migration”, in *International Perspectives*, 37(3), Fall 2003, p. 848.

immigrasie en land van oorsprong en het dus die bewustheid van transnasionale identifikasie en formasies.⁷²

The sense of belonging of many expatriates is to both their country of origin and their new country and thus the existence of transnational identifications and formations.⁷³

Lloyd Wong praat van die immigrant se transnasionaliteit in terme van of die immigrant van *gebiedsgebondenheid* bevry of onthef is. Die transnasionale immigrant het nie 'n geestelike gebiedsgebondenheid nie. Die nasionale staat-idee, waar daar verwag word van individue om 'n uitsluitlike lojaliteit te hê teenoor slegs een staat, word hier deur 'n nuwe situasie, vanwaar 'n persoon 'n transnasionaliteitsidentiteit het, uitgedaag. Die begrip transnasionaliteit sluit in oorvleuelende, deurvlegde, verstrengelde en meervormige identiteite.

The deterritorialisation of social identity challenges the nation-state's claim of making exclusive citizenship a defining focus of allegiance and fidelity, in contrast to the overlapping, permeable and multiple forms of identity.⁷⁴

Die Duitse immigrant in Suid-Afrika is byvoorbeeld dikwels drietalig. Wanneer hy beweeg van die een taalgemeenskap na die volgende, verander en beoefen die immigrant die spesifieke identiteit wat gevra en vereis word deur daardie teenwoordige gemeenskap waarin die transnasionale immigrant hom bevind. Die immigrant, Wolfgang Wehrmeyer, het Afrikaans gepraat met sy Boerevrou en kinders by die huis, maar wanneer hy werk toe gegaan het, het hy Engels gepraat met sy Engelssprekende baas "Mister Gandhi" by Bearings Works (Pty) Ltd. Wanneer hy 'n Duitse vriend gehelp het met die bou van onderdele vir sy private vliegtuig, het hulle Duits gesels.⁷⁵ Kyk ook na die afdeling hieronder oor die kwantifiseerbare kenmerke van transnasionaliteit en taal, vir meer inligting oor meertaligheid in transnasionaliteit.

Transnasionaliteit ontwikkel in transnasionale sosiale ruimtes, op grond van transnasionale sosiale netwerke. Die veelvoudige verbindings van die immigrant tussen sy land van herkoms en nuwe land van opname is die wesentlike kenmerk

⁷² T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, (Polity Press, Cambridge, 2013), p. 83.

⁷³ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 83.

⁷⁴ Kyk D. Hoerder, "Losing national identity or gaining transcultural competence: changing approaches in migration history", in H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history*, p. 256.

⁷⁵ WPA, MO (01B), W.H. Wehrmeyer (75) Visserkuil, Bothaville, 2008.08.07, (NF1 CD: W-23); WPA, Biografie Wolfgang Wehrmeyer, (1933-2008), werkboek, p.104.

van transnasionaaliteit.⁷⁶ Transnasionale sosiale *netwerke* word in 'n volgende afdeling bespreek.

Rather than losing one's national identity, most migrants gain transcultural competence.⁷⁷

Immigrante poog om nie hul nasionale identiteit te verloor nie en daarom versoek hulle om transkultureel te word, maar in die proses verkry hulle tog 'n transnasionaaliteit.⁷⁸ 'n Persoon wat transkulturalisme geakkumuleer of verkry het, het die vermoë bereik om in twee of meer verskillende kulture te leef.

Transculturation is the process of individuals and societies to change themselves by integration of diverse cultural ways of life into a dynamic new whole.⁷⁹

Die individue en groepe gaan deur 'n proses van transkulturasie wanneer hulle integreer met nuwe diverse kulturele maniere van leef en vorm so 'n hele nuwe dinamiese transnasionaaliteit.

Transnasionaaliteit verwys na die verskynsel dat immigrante in 'n diaspora 'n blywende verbinding het met sowel die land van hul herkoms asook hul nuwe land van bestemming. Dit het ook betrekking op hulle interpersoonlike en menslike skakelingsaktiwiteite. Hulle maak na alle waarskynlikheid ook kennis met ander mense *in transit* en word sodoende aan andersoortige persepsies van kulturele identiteite blootgestel.⁸⁰ H. Werner verklaar:

Diaspora implies an on-going connection with a "homeland", connection that often take the form of economic and social ties but may also be only mental – a feeling of being in two places at once.⁸¹

Transnasionaaliteit is die konsep van immigrante in die diaspora, wat voortdurend 'n binding het met hul land en samelewing van oorsprong en ook in die nuwe

⁷⁶ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 45.

⁷⁷ Kyk D. Hoerder, "Losing national identity or gaining transcultural competence: changing approaches in migration history.", in H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history*, p. 258.

⁷⁸ Kyk D. Hoerder, "Losing national identity or gaining transcultural competence: changing approaches in migration history.", in H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history*, p. 258.

⁷⁹ Kyk D. Hoerder, "Losing national identity or gaining transcultural competence: changing approaches in migration history.", in H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history*, p. 258.

⁸⁰ Kyk D. Hoerder, "Losing national identity or gaining transcultural competence: changing approaches in migration history.", in H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history*, p. 257.

⁸¹ Kyk H. Werner, 'German only in their hearts': Making and breaking the ethnic German diaspora in the twentieth century.", in A. Freund, (ed.), *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*, p. 212.

bestemming met medeburgers en moontlik in alle waarskynlikheid met persone, *in transit* op tydelike verblyfpunte.⁸²

As in the concept of diaspora, the continued linkages to the society of origin and to other destinations of co-ethnics, as well as perhaps, to people at transitory immediate stopovers are central to the concept of transnationality.⁸³

’n Verdere rede vir transnasionaaliteit by ’n immigrant is dat wanneer die immigrant gefrustreerd is in sy poging om sukses te behaal, byvoorbeeld in sy werksomstandighede, en ook om sy sosiale status te verhoog, hy deur transnasionaal te wees, ten minste erkenning in sy land van oorsprong kry. Hierdie is ’n vorm van *reaktiewe* transnasionaaliteit. Marginalisering en diskriminasie veroorsaak ’n negatiewe ervaring vir die immigrant. Die gemarginaliseerde immigrant mag sy belangstelling teenoor sy land van emigrasie hernu weens gebrek aan integrasie en assimilasie in sy nuwe land.⁸⁴

Volgens ’n studie van transnasionaaliteit en die verhoudinge tot integrasie onder immigrante in Nederland, asook dit wat op ’n persoonlike vlak met immigrante gebeur het, is daar bevind dat transnasionale aktiwiteite plaasvind in ’n gelyke mate onder alle immigrante, onafhanklik van die vlak van geleerdheid, sosiale status of lengte van verblyf. Wanneer immigrante swak integreer in die arbeidsmark, is hulle nie meer intens betrokke in transnasionale aktiwiteite as dié wat beter ingeburger is nie. Die swakker geïntegreerde immigrant identifiseer homself in ’n groter mate met die land van emigrasie. Hierdie bevinding ondersteun die feit dat ’n sekere standaard van hulpbronne nodig is om ’n immigrant toe te laat om transnasionaal aktief te word en te bly.⁸⁵

Wanneer die immigrant in die nuwe land aankom, word hy onbewus voor die keuse gestel om transnasionaal te word, in sy identiteit en verhoudinge met ander mense. Dit word in die empiriese data waargeneem dat, wanneer die immigrant aanvanklik nie die tyd of hulpbronne het nie, hulle nie aan transnasionale aktiwiteite deelneem nie, of dan baie beperk daaraan deelneem. Wanneer hulle in die nuwe land kom moet hulle al hul energie spandeer om werk te kry en te oorleef. Eers wanneer dit ekonomies beter gaan en hulle ekonomiese onafhanklikheid bereik het, word die immigrante meer transnasionaal.⁸⁶

⁸² Kyk D. Hoerder, "Losing national identity or gaining transcultural competence: changing approaches in migration history.", in H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history*, p. 257.

⁸³ Kyk D. Hoerder, "Losing national identity or gaining transcultural competence: changing approaches in migration history.", in H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history*, p. 257.

⁸⁴ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 99-100.

⁸⁵ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 99-100.

⁸⁶ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 99-100.

Ten opsigte van immigrasie is daar dikwels die motief vir sosiale opwaartse mobiliteit in 'n poging om risiko te verminder en te verseker dat die familie beter daaraan toe sal wees. Wanneer immigrante en hul families in verskillende plekke woon, in ten minste twee herkenbare verskillende nasie-state, word transnasionaaliteit 'n kenmerkende eienskap van hierdie individue en families in die geheel. Die *transnasionale familie* word gedefinieer as 'n familie wat van tyd tot tyd saam lewe, maar die meeste van die tyd tog fisies apart lewe. Tog is daar 'n vaste band tussen hulle en dit skep iets van 'n gevoel van samehorigheid – 'n gevoel van omgee vir mekaar, 'n eenheid, ons behoort aanmekaar, ons is familie, selfs al is dit oor nasionale grense heen.⁸⁷

Die teorie van transnasionaalisme

Transnasionaalisme is onlosmaaklik deel van transnasionaaliteit. Die een konsep is verstrengel in die ander. Transnasionaalisme is die resultaat van die transnasionale sosiale netwerke wat vorm rondom die transnasionale immigrant. Vir Thomas Faist is die transnasionale sosiale netwerk die basis vir transnasionaaliteit.⁸⁸

Sedert die 1960's betoog kenners van immigrasie dat in die daar studie van immigrasie ook gekyk word na transnasionale perspektiewe.⁸⁹ Die woord *transnasionaalisme* dra die betekenis van 'n idee van "staat" en "nasie" en verwys eerstens na territoriale eenhede en tweedens na sosiale groepe.⁹⁰

Die transnasionale benadering erken die veelvoudige vertakkings en oorgrensbande tussen individue, groepe en organisasies en hul gelyktydige betrokkenheid oor nasionale grense heen. Wat oorgrens-immigrasie so geskik maak wanneer transnasionale prosesse nagevors word, is die feit dat ons individue, groepe en organisasies kan waarneem. Hoe hulle betrokke is in oorgrens-transaksies, nie net ten opsigte van hul private lewenswêreld nie, maar ook in velde soos onderwys, die arbeidsmark en politiek. Die transnasionale benadering is gebore uit die betragting van immigrante. Immigrante steek nie net grense oor nie, maar vorm strategiese bande met mekaar vir oorlewing en om hul in beter omstandighede te verbeter en inderdaad om 'n nuwe leefstyl te kan hê.⁹¹

Volgens Faist vorm die transnasionale benadering nog *nie* 'n samehangende teorie of teorieë nie. Die benadering kan beter beskryf word as perspektiewe wat gevind word in studies wat transnasionale fenomene ondersoek. 'n Transnasionale benadering is om soos deur 'n vergrootglas te kyk na wat immigrasie alles behels, dit

⁸⁷ T. Faist, M. Fauser, & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 27.

⁸⁸ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 45.

⁸⁹ A. Freund, (ed.), *Beyond the nation? Immigrants' local lives intransnational cultures*, (University of Toronto Press, Toronto, 2012), p. 3.

⁹⁰ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 8-9.

⁹¹ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 7.

wil sê transnasionale handelinge en transaksies as 'n proses.⁹² Hierdie studie poog om 'n samehangende teorie daar te stel en sodoende die fondasie te lê vir die navorsing na Duitse immigrante wat ná 1945 na Suid-Afrika gekom het.

Kühn haal Basch, Schiller en Blanc-Szantion aan en sê duidelik in Duits dat hulle in die aanhaling wat volg *Transnationalität definieren*. Die skrywer verskil egter van hierdie aanname. Vanuit die bespreking en argumente reeds gestel, is dit duidelik dat ons hier meer spesifiek te doen het met 'n definisie van *transnasionalsisme* as van transnasionaleiteit:

(T)he process by which immigrants forges and sustains multi-stranded social relations that link together their societies of origin and settlement. We call these *processes* to emphasize that many immigrants today build social fields that cross geographic, cultural and political borders.⁹³

Immigrante vorm en behou veelvuldige sosiale verhoudings met hul gemeenskap van herkoms asook hul nuwe land van bewoning, in 'n amper nimmereindigende proses. Hulle bou sosiale velde of ruimtes oor geografiese, kulturele en politieke grense.

'n Fokus op oorgrens-prosesse help om konseptuele ruimtes te verstaan, wat betekenis gee aan die terme *transnasionale sosiale ruimtes* en *transnasionaleiteit* en wat gemoeid is met immigrant-netwerke, handelaars en etniese besigheidskonstellasies.⁹⁴

Op sy beurt reken Ludger Pries *transnasionaal* is:

... jene grenzüberschreitenden sozialen, ökonomischen, politischen und kulturellen Verbindungen von Menschen, durch die weder ein Staat noch eine große Einrichtung anderer Art vertreten ist.⁹⁵

... elke grens oorstekende sosiale, ekonomiese, politiese en kulturele verbinding tussen mense wat nie deur 'n staat of deur een of ander groot instansie van welke aard verteenwoordig word nie.

Die vraag is, is alle immigrante transnasionaal? Indien wel, in welke mate? Transnasionale praktyke mag eenvoudige aaneenlopende verhoudings met familie en vriende in die land van oorsprong wees. Immigrante bly in kontak, stuur dan en

⁹² T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 10.

⁹³ Kyk T. Faist, "Grenzen überschreiten – zum Konzept Transnationaler Sozialer Räume.", soos aangehaal in N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 45. Die aanhaling is in Engels gegee.

⁹⁴ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 10.

⁹⁵ Kyk T. Faist, "Grenzen überschreiten – zum Konzept Transnationaler Sozialer Räume.", soos aangehaal in N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 45.

wan 'n geldjie en dan volg daar ook besoeke. Hierdie vorm van transnasionale migrasie word deur Faist *liniêre transnasionale migrasie* genoem. Die aanname word gemaak dat die bande met die land van herkoms oor 'n langer tydperk sal verswak en dat die immigrante sal integreer in die samelewing waar hulle woon. Met die veranderende dinamika van die twintigste eeu en veral in die tweede helfte daarvan, is die vraag of die veelvoudige verbindings van die immigrant met sy land van herkoms, wel verminder het en of dit versterk het? Waar staan die opvolgende generasie in verband hiermee? Hierdie scenario stem ooreen met die konvensionele aannames van assosiasieteorieë.⁹⁶

Eie immigrante-assosiasies, soos die kerkgenootskap, die *Evangelische Stadtmission im Südlichen Afrika* (ESSA)⁹⁷ en die *heimat* assosiasie soos die *Mannschaff Wes-und-Ostpreußen*, tans genoem *Freunde des Deutschen Ostens*,⁹⁸ het eers in die vroeë 1960's hul bestel gevind, nadat die meeste Duitse immigrante 10 tot 15 jaar lank in die land was. Lede van die *Freunde des Deutschen Ostens*, lees graag die Duitsland-gebaseerde koerant, *Preußische Allgemeine Zeitung*.⁹⁹ Dit is hoofsaaklik die eerste generasie van immigrante wat hieraan deelneem en nie die tweede generasie nie. Hulle volg die nuus in die land van emigrasie en ná die val die *Skandmuur* en kommunisme in 1989 het baie Duitse immigrante en ook Suid-Afrikaanse Duitse immigrante weer na hul ou tuislande, die gebiede terug gegaan waaruit hulle tydens en na die Tweede Wêreldoorlog, verdryf is. In hul tuisdorpe het hulle ook hul ou huise besoek.¹⁰⁰

Vanuit die kontakte, oftewel verhoudinge tussen private persone, ontstaan netwerke en transnasionale ruimtes wat gekenmerk word deur intensiewe uitruilprosesse, wat op verskeie maniere manifesteer. Alejandro Portes verklaar dit so:

Aus diesen Verbindungen resultieren Netzwerke und transnationale Räume, die durch intensive Austauschprozesse und eine Vielfalt von Erscheinungsformen gekennzeichnet sind.¹⁰¹

Ekonomiese aktiwiteite wat gegrond is op 'n *niche* mark, met unieke diverse voordele, word dikwels geskep deur staatsgrense. Die oorlewing van die immigrant is gegrond in die feit dat hy in twee lande leef. Hier kan mens byvoorbeeld dink aan die Turkse immigrant wat in Suid-Afrika woon en Persiese matte uit Turkye en ander midde-Oosterse lande invoer en plaaslik verkoop.

⁹⁶ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 98.

⁹⁷ WPA, H.W. Wehrmeyer, *Transnasionale organisasies werkboek*, pp. 3-5.

⁹⁸ WPA, H.W. Wehrmeyer, *Transnasionale organisasies werkboek*, p. 89.

⁹⁹ WPA, MO (02B), H.S. Kittel (85), Krugersdorp, 2012.11.17, (NF28, CD: V-21).

¹⁰⁰ WPA, MO (02B), L.W.T. Graf von Lüttichau (75), Groenkloof, Pretoria, 2013.01.12, (NF49, CD: X-2); MO (02B), G. Kahler, (87), Grasfontein, Pretoria, 2012.10.18, (NF26, CD: V-18).

¹⁰¹ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 46.

The economic activities that sustain these communities are grounded precisely on the differentials of advantage created by state boundaries.¹⁰²

Transnasionale praktyke behels vier basiese sferes van 'n transnasionale lewe: die familie, sosio-kultureel, ekonomies en polities.¹⁰³ In hierdie studie word gekyk na dié aspekte en word dit ontleed aan die hand van gevallestudies. Immigrante is betrokke in transnasionale praktyke deur heen en weer te reis, deur middel van, onder meer, langafstand-kommunikasie en die oorplasing van geld vir familie. Die feit is dat immigrante en die relatief onbeweeglike tuisblyers in beide lande betrokke is by transnasionale praktyke en lewe in transnasionale sosiale ruimtes.¹⁰⁴ Transnasionale families stuur briewe aan mekaar, die seun aan die vader en omgekeerd, of miskien 'n geldjie aan 'n afgetrede vader.

Nie-immigrante in die land van herkoms neem ook deel aan transnasionale praktyke wanneer hulle sosiale en ekonomiese bestaan daarvan afhanklik is en gevorm word deur hulpbronne en idees uit die immigrante-land, asook kontak met mense uit die immigrateland.

Non-migrants who engage in core transnational practices are those whose social and economic lives depend upon and are shaped on a regular basis by resources, people and ideas in the receiving-country context.¹⁰⁵

Nancy Foner was, volgens Faist, 'n navorser wat die geskiedenis bestudeer het van transnasionale praktyke en hoe dit progressief ontwikkel het. Jode en Italianers in New York het reeds in die vroeë twintigste eeu *transnasionale familie-groepe* gevorm en bande met die tuisland behou deur briewe en geldoorbetalings aan familie en vriende in die lande van emigrasie. Hulle was betrokke by *Hometown associations of Jewish 'Landschaften'* in New York en het ook betrokke gebly in die politiek in hul tuisland.¹⁰⁶ Sommige immigrante na New York het aktief transnasionale bindinge¹⁰⁷ nagestreef. Vir party was dit 'n algemene praktyk om grond of huise in hul land van herkoms te koop. Vir baie was dit nie net 'n droom om eendag terug te keer nie, maar hulle het dit ook gedoen.¹⁰⁸

In Faist se studie, getitel *Transnational migration*, ondersoek die outeur spesifiek transnasionale praktyke gedurende die periode ná 1990, toe nuwe dimensies en faktore van tegnologiese ontwikkelings vinnig toegeneem het. Hierdie studie kyk na 'n transito-

¹⁰² N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 46.

¹⁰³ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 28, 46.

¹⁰⁴ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 27.

¹⁰⁵ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 27.

¹⁰⁶ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 48-49.

¹⁰⁷ Engels: Linkage

¹⁰⁸ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 49.

periode van die klassieke immigrant na die moderne 21ste eeuse immigrant. Party van die ouer klassieke beginsels het nog op die Duitse immigrante, wat in die eerste ongeveer 15 jaar na die Tweede Wêreldoorlog geïmmigreer het, ingewerk. Hulle het beter geassimileer en vinniger geakkultureer in die Suid-Afrikaanse milieu as dié wat na 1960 geïmmigreer het. Tegnologiese innovasie het versnel en die Duitse immigrante kon toenemend in transnasionale sosiale ruimtes begin leef met hulle families en kontakte in Duitsland en elders in die wêreld.

Hoerder is van mening dat *transnasionale* teorie met 'n groot mate van welslae die belangrikheid van immigrante se verbindings met mense en plekke bewys het en dat die verhoudings van immigrante nie beperk is tot nasionale state nie.¹⁰⁹

Die term *transnasionanisme*, in die Duitse en Engelse literatuur, word nie gebruik in verband met “nasionale bewussyn” nie. Ná die Tweede Wêreldoorlog in 1945 en as gevolg van die de-nazifiseringsproses in Duitsland, het *nasionanisme* 'n vloekwoord en taboe onderwerp geword. In die huidige Duitse literatuur word “transnasionanisme”, met die klem op die tweede deel van die woord, “nasionanisme” gebruik, met die veronderstelling as “oor die nasionale staatsgrense”.¹¹⁰ Transnasionanisme is die prosesse in die verhouding tussen immigrante en nie-immigrante. Die onderwerp “nasionanisme” speel wel 'n rol as dit kom by die immigrant, maar slegs as 'n onderafdeling van sy transnasionaleiteit. *Deutschtum* en Duitse nasionalisme was begrawe vir Duitsers in Duitsland ná 1945 en het eers weer sy kop uitgesteek in Duitsland met die wêreldsoekbeker in Duitsland in 2013, toe Duitsland goed presteer het en daar weer 'n nasionale trots onder Duitsers na vore gekom het en die verskynsel druk in die media bespreek is.¹¹¹

Transnasionaleiteit en transnasionale sosiale ruimtes

Transnasionanisme vind plaas binne transnasionale sosiale ruimtes. Familieverantwoordelikhede hou nie heeltemal op wanneer familieledede immigrer nie. Gevolglik moet die transnasionale familie en verlengde familiestrukture nagevors word. Die essensiële en belangrike sosiale ruimtes is gevul met verwantskapsgroepe, assosiasie, netwerke van persone en organisasies en gemeenskappe wat geleë is in mikro-dinamiese persoonlike bindinge en die makro-dinamiese grootskaalse sosiale formasies. Die idee van transnasionale ruimtes behels dat mens immigrasie moet sien as 'n grensoorbruggingsproses tussen twee of meer nasionale state wat mekaar penetreer en so deel word van 'n enkele nuwe

¹⁰⁹ Kyk D. Hoerder, “Losing national identity or gaining transcultural competence: changing approaches in migration history.”, in H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history*, p. 258.

¹¹⁰ Kyk T. Faist, “Diaspora and transnationalism: What kind of dance partners?” in R. Bauböck & T. Faist, (eds.), *Diaspora and transnationalism, concepts, theories and methods*, p. 9.

¹¹¹ WPA, MO (04B), M. Stobwasser, (55), Grasfontein, Pretoria, 2014.12.31, (NF91, slegs nota).

sosiale ruimte. Hierdie sosiale ruimte het betrekking op die uitruil van idees, simbole, aktiwiteite en kultuur.¹¹²

Faist vertel van 'n Duitse film deur die Duits-Turkse filmmaker, Fatih Akin, getiteld *Auf der anderen Seite*. Dit is die verhaal van Turke en Duitsers se belewenisse, verhoudinge, kinders uit gemengde huwelike, ens. wat afspeel in mekaar se lande. Dis nie die ou klassieke verhaal van die verlies aan 'n tuiste, 'n vaderland, vervreemding, 'n vreemde land, ontworteling en marginalisering nie. Dit is ook nie 'n film wat die nuwe kultuur, of die nuwe land verheerlik nie. Daarenteen vertel die film van 'n konstante proses van allokering en her-allokering in 'n transnasionale wêreld wat nie gereduseer kan word in die konteks van emigrasie en immigrasie nie. *Auf der anderen Seite* beeld die oorgrensverbindings, sowel as die biografiese lewens- en familieverhoudinge wat oor meer as een generasie strek, uit.¹¹³

The life world of the protagonists is neither German nor Turkish, nor even simply an overlap between the two; it is a third social world.¹¹⁴

Die transnasionale sosiale ruimte is 'n nuutgevormde sosiale ruimte. Thomas Faist verklaar dat die grens-oorstekende immigrant geïntegreerde sosiale ruimtes skep wat 'n ander logika volg as die nasionale staat-gedagte.¹¹⁵

These immigrants develop mental maps that compress or enlarge “distance” and “time” when, moving between geographic places, they also move between stages of economic and societal development.¹¹⁶

Hierdie sosiale ruimtes word nie beperk deur afstand of tyd nie. Die sosiale ruimtes is virtueel, dit is hier en daar, alles ter-self-der-plek en ter-self-der-tyd.

In die nuwe transnasionale ruimtes ontstaan transnasionale gemeenskappe. Portes beskryf dit soos volg:

... what common people have done in response to the process of globalization, is to *create communities* that set astride political borders and that in a real sense are neither here nor there, but in both places simultaneously.¹¹⁷

¹¹² T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 20.

¹¹³ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 2.

¹¹⁴ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 2.

¹¹⁵ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 2.

¹¹⁶ Kyk D. Hoerder, “Losing national identity or gaining transcultural competence: changing approaches in migration history.”, soos aangehaal in H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. 257.

¹¹⁷ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 46.

Pries beskryf transnasionale sosiale ruimtes in terme van sosiale velde wat deur die sirkulasie van goedere, persone en informasie vorm en so immigrasie kringlope vorm en vestig.¹¹⁸

Er erweitert gleichzeitig diese Perspektive um ein Konzept der neuen plurilokalen transnationalen sozialen Räume, die durch die sozialen Praktiken, Symbolsysteme und die materielle Kultur der Transmigranten entstehen und Gegebenheiten ihrer Entsende- und Aufnahmeländer miteinander verbinden, in dem sie sich zwischen oder oberhalb beider positionieren.¹¹⁹

Hy, die immigrant, verbreed gelyktydig hier sy perspektiewe om 'n nuwe konsep van veelplekkigheid en transnasionale sosiale ruimtes te skep. Dit gebeur deur middel van sosiale praktyke, simbool sisteme en materiële kultuur wat ontstaan rond om die transmigrant. Hy verbind in homself die verskillende faktore van die stuur- en ontvanglande met mekaar, deurdadig die transmigrant homself tussen of oorhoofs posisioneer.

Binne hierdie sosiale ruimtes speel sosiale praktyke 'n rol. Daar is bepaalde simboolsisteme wat gebruik word in hierdie nuwe sosiale ruimtes en 'n nuwe eiesoortige materiële kultuur word tussen die transmigrante gevestig. Dit word gedoen in die konteks van gegewe faktore tussen hul *stuur/herkoms* en *ontvanglande*. Die immigrant posisioneer homself, semi-soort van tussen beide lande.

'n Bruikbare, nuttige beginpunt is die transnasionale sosiale ruimtes, wat insluit beide *vloeiruimtes*¹²⁰ en *ruimtes van plek*,¹²¹ waar eersgenoemde verwys na gedeterritorialiseerde ruimtes en laasgenoemde op gebiedsgebonde ruimtes betrekking het.¹²²

As verduideliking kan mens die voorbeeld van Wolfgang Wehrmeyer, die Duitse immigrant na Suid-Afrika neem. Wehrmeyer het geleef in 'n Duitse oorlogstyd se sosiale ruimte van ontwinging waarin families weens die oorlog opgebreek en verdeel is. Die meeste mans was soldate aan die front. Moeders het die verpligtinge by die huis oorgeneem. Oupas en oumas, ooms en tantes op die platteland het kinders ontvang om hulle uit die groot stede te kry en sodoende bombardering te

¹¹⁸ A. Portes, *Globalization from below: the rise of transnational communities*, (Institutes of social and cultural anthropology, University of Oxford, Oxford, 1998), in N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 46.

¹¹⁹ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 46.

¹²⁰ Engels: space of flow.

¹²¹ Engels: space of place.

¹²² T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 140.

ontvlug. Later het Wehrmeyer na Suid-Afrika toe gekom en het dit die “plek van vloei-ruimte” geword.¹²³

In Faist se boek, *Transnational migration*, word die studie van transnasionale sosiale ruimtes as sleutel tot die identifisering van formasie van transnasionale bande en praktyke uitgebeeld.¹²⁴

Transnational social spaces are introduced as a heuristic tool and a systematic typology of their manifestations is presented.¹²⁵

Verder is die vraag of die transnasionale sosiale ruimtes as fenomeen tydelik of meer oor 'n langer termyn bestaan. Hoe lank bestaan sulke formasies in verhouding tot die leeftye van die immigrante en die generasies na hulle?¹²⁶

Die tipe en aard van die immigrant in die 21ste eeu, in vergelyking met immigrante in die laat 19de eeu en vroeër 20ste eeu (en weer laat 20ste eeu – die groep wat in hierdie studie ondersoek word) verskil.

... that transnational migration differs significantly from previous migration experiences.¹²⁷

Die konsep van transnasionale sosiale ruimtes is as 'n heuristiese instrument ontwikkel om sosiale strukture wat 'n eie dinamika het¹²⁸ te ondersoek en in dié ondersoek word die Duitse immigrante gebruik as 'n riglyn.

Die kwantifiseerbare kenmerke van transnasionaliteit

Taal

Mark Tilse bring twee belangrike aspekte van transnasionaliteit na vore, naamlik taal en huwelike (of alternatiewelik bewoord, geslagsverkeer). Tweektaligheid is 'n kwantifiseerbare kenmerk van 'n transnasionale identiteit.¹²⁹

Die betekenis van tweektaligheid (of ook meertaligheid) binne die raamwerk van transnasionaliteit, verwys na 'n persoon wat aan 'n tweektalige gemeenskap behoort, in só 'n mate dat daar twyfel bestaan oor aan watter taal hy die naaste geposisioneer

¹²³ WPA, H. W. Wehrmeyer, Biografie van Wolfgang Hermann Wehrmeyer, die fokus op sy kinderjare in Duitsland, (1933-1954), (Hons-skripsie, Vaaldriehoekcampus van die Noordwes-Universiteit, Vanderbijlpark, 2011).

¹²⁴ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 46.

¹²⁵ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 46-47.

¹²⁶ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 46-47.

¹²⁷ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 48.

¹²⁸ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 21.

¹²⁹ M. Tilse, *Transnationalism in the Prussian East: From National conflict to synthesis, 1871-1914*, p. 71.

is, watter een sy moedertaal behoort te wees, watter taal hy die maklikste praat of in watter taal hy dink.¹³⁰ Taal het nie net die koppelvlak tussen Duitse en Poolse opvattinge oor nasionalisme beïnvloed nie, maar dit ook letterlik omvergegooi. Meertaligheid neig om nasionalistiese skeidings te oorskry en sodoende verantwoordelik te wees vir die fundamentele vorming van transnasionale sosiale strukture.¹³¹ Ter verheldering van hierdie aanname kan verwys word na die beskrywing van 'n staatsampenaar, Otto Steinmann van die distrik Thorn, in Oos-Pruise waar Duitsers en Pole tussen 1871-1914 saamgeleef het. In sy bespreking van die etniese karakter van sy streek noem hy:

It can be no surprise that under the frequent change of relationships and of century-old constant contact of the two principle peoples as well as the different provincial elements of the German people amongst each other, national and provincial characteristics have not formed and maintained themselves distinctly, as this shows itself in other regions ... German and Polish elements becoming mixed through living together and having exchanged many of their characteristic features between each other, the different Germanic peoples (e.g. Swabian immigrants in Eastern Prussia) have especially amalgamated more and more and have given up their particular ancestral features.¹³²

Tweetaligheid as 'n kwantifiseerbare kenmerk van 'n transnasionale identiteit word in hierdie situasie uitgelig. In die taalopnames tussen die jare 1843 en 1861, is die kategorie "Duits-Poolssprekend" ingesluit (hoewel inkonsekwent) in die distrikte van Posen, Danzig en Bromberg.¹³³

Intieme verhoudinge

Die tweede kwantifiseerbare kenmerk van transnasionale identiteit is op die gebied van intieme verhoudings. In elke huwelik of geslagsverkeer (tussen Duitser en Pool) vind die paradigma van sintese sy hoogste vorm van uitdrukking. Ten opsigte van die tydperk 1871-1914 kan die verbindings beskryf word as "rasse-verbastering". Die vorming van seksuele verhoudings tussen verskillende nasionaliteite verteenwoordig die gemeenskaplike oortreding van kultureel gedetermineerde grense tussen groepe wat manifesteer in byvoorbeeld die huwelik as instelling.¹³⁴ Die huwelik verteenwoordig sosiale harmonie tussen nasies in sy mees intieme en intense vorm

¹³⁰ Kyk E. Blocher in M. Tilse, *Transnationalism in the Prussian East: From National conflict to synthesis, 1871-1914*, p. 69.

¹³¹ M. Tilse, *Transnationalism in the Prussian East: From National conflict to synthesis, 1871-1914*, p. 69.

¹³² Kyk O. Steinmann in M. Tilse, *Transnationalism in the Prussian East: From national conflict to synthesis, 1871-1914*, p. 70-71.

¹³³ M. Tilse, *Transnationalism in the Prussian East: From national conflict to synthesis, 1871-1914*, p. 71.

¹³⁴ M. Tilse, *Transnationalism in the Prussian East: From national conflict to synthesis, 1871-1914*, p. 94.

– die skepping van 'n unieke transnasionale instelling. Hierdie praktyk/prosedure affekteer nie net verandering in bewussyn en gedrag nie, maar ook die rasgebaseerde “identiteit” van 'n individu.¹³⁵

Ruokonen-Engler sluit hierby aan en beklemtoon ook die aspek van meertaligheid. Immigrante ervaar hierdie situasie nie net as 'n oorgangsfase nie, maar as 'n soort permanente “so is dit” of soos Martin Heidegger dit stel 'n “Dasein”¹³⁶ leefvorm.

Die term “Dasein” beteken gewoonweg “bestaan”, of meer letterlik “daar-bestaan”, waar die self ontsluit word.¹³⁷

... wo die heutigen Transmigranten sich befanden in mehr als einem Ort, sprechen meistens mehr als eine Sprache und bewegen sich zwischen zwei, manchmal auch drei Wohnorten. Sie empfinden diesen Zustand nicht als eine Übergangs-, sondern als eine Daseinsform.¹³⁸

... waar die huidige transmigrant hom bevind in meer as een plek, praat hy meesal meer as een taal en beweeg hy tussen twee plekke en parykeer ook tussen drie verskillende woonplekke. Hy ervaar sy situasie nie as 'n oorgangsfase nie, maar as 'n permanente situasie.

Diese Hin- und her oder auch Dreiecksmigration erweist sich als ein beachtliches Ausmaß an Humankapital, finanziellen Ressourcen und Sozialkapital.¹³⁹

Die heen-en-weer of selfs driehoekige immigrasie stel 'n aansienlike vermoë aan mense kapitaal, finansiële hulpbronne, asook sosiale kapitaal vry.

Godsdien

Godsdien of welke aard van geloofsisteen 'n mens het, vorm 'n integrale deel van sy identiteit. Hoe die immigrant sy godsdien beleef, vorm 'n duidelik herkenbare deel van sy transnasionaliteit. Godsdien is 'n gids tot transnasionale burgerlike betrokkenheid. Godsdien gee leiding aan volgelinge in die bepaling van hul gesamentlike regte en verantwoordelikhede. 'n Godsdienstige instelling verskil van

¹³⁵ M. Tilse, *Transnationalism in the Prussian East: From national conflict to synthesis, 1871-1914*, p. 132.

¹³⁶ M. Heidegger, translated by W. McNeill, *The concept of time / Der Begriff der Zeit*, (Blackwell Publishers, Oxford, 1992), p. 23.

¹³⁷ The term “Dasein” ordinarily means “existence” ... “Dasein” is here to be understood more literally as “there-being”, as the “there” (da) in which Being “Sein” in itself disclosed. M. Heidegger, translated by W. McNeill, *The concept of time / Der Begriff der Zeit*, p. 23.

¹³⁸ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 47.

¹³⁹ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 47.

ander immigrante-organisasies omdat hulle hulself sien as die beliggaming van universele en ewige waarhede. Die kerk verskaf 'n morele kompas en oriënteer mense om te reageer aan die hand van die waardes wat hulle voorstaan. Die Lutherse kerk is 'n voorbeeld hiervan. Al is die kerk apolities, glo hulle daaraan om sekulêre omstandighede te beïnvloed.¹⁴⁰ Hulle is betrokke by evangelisasie sowel as gemeenskaps-ontwikkelingsprojekte. Lidmate se primêre doel was om die koninkryk van God te versterk en uit te brei en enige politiese of burgerlike aksies was van sekondêre belang. Deurdat hul lede 'n verskeidenheid rolle vervul het en vele omstandighede beïnvloed het, het hulle sodoende hul sekulêre omgewing beïnvloed en doen hulle dit steeds waar hulle deelneem en betrokke is.

Navorsers van immigrasie erken die opvallende belangrikheid van die immigrant se ekonomiese, sosiale en politieke transnasionale aktiwiteite. Nou begin hulle egter ook kennis neem van die belangrikheid van die godsdienstige identiteit en aktiwiteite wat die immigrant in staat stel om op menigvuldige plekke 'n eiesoortige lidmaatskap, 'n identiteit van: “ Ek behoort hier in die nuwe land, maar ook aan die land waarvandaan ek kom”, te ontwikkel. Globale godsdienste skep internasionale kontakpunte wat universele identiteite aanmoedig. Immigrante gebruik godsdienstige instellings om hul transnasionale bestaan uit te leef. Godsdienstige instellings funksioneer oor wye geografiese gebiede en maak meer en meer gebruik van homogene vorms van aanbidding. Die organisasies skep globale gemeenskappe wat die inheemse bevolking welkom laat voel in hul instellings/kerke en op dié manier word die plaaslike bevolking deel van die nuwe kultuur en word die plaaslike godsdienstige lewe ook getransformeer.¹⁴¹

Burgerskap

Een pertinente wyse waarop nasionale state reageer op die transnasionaaliteit van immigrante is om toenemend dubbele burgerskap te aanvaar. Die state in die wêreld wat dubbele burgerskap toelaat, het van minder as 5% in 1959 tot ongeveer 50% in 2005 gestyg en die getal styg steeds.¹⁴²

Die navorser reken dat Suid-Afrika in die Apartheidsperiode (1948-1994) dubbele burgerskap toegelaat het omdat Suid-Afrikaanse paspoorte oral in die wêreld onwelkom was. Dubbele burgerskap kom voor wanneer persone die burgerskap van die nuwe land aanneem, maar ook toegelaat word om hulle oorspronklik burgerskap te behou. Duitse burgers wat in die Suid-Afrikaanse staatsdiens wou werk, moes hul Duitse burgerskap opgee. 'n Individueel met twee of meer paspoorte het in beginsel toegang tot die regte en ook verantwoordelikhede van meer as een politieke staat. Die vraag wat gevra word, is: Is dubbele burgerskap 'n soort transnasionale

¹⁴⁰ P. Levitt, “ ‘You know, Abraham, was really the first immigrant’, Religion and transnational migration”, in *International Perspectives*, 37(3), Fall 2003, pp. 847-873.

¹⁴¹ P. Levitt, “ ‘You know, Abraham, was really the first immigrant’, Religion and transnational migration”, in *International Perspectives*, 37(3), Fall 2003, pp. 847-873.

¹⁴² T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 24.

burgerskap, onafhanklik van 'n nasionale burgerskap? Weens die groeiende verdraagsaamheid van dubbele burgerskap, het daar ook verandering in die familie en geslagswette gekom. Op nasionale vlak in state het meningsgroepe hard gewerk om internasionale konvensies te implementeer. So het die organisasie, *Association of women married to foreign men*, as 'n effektiewe drukgroep in die 1970's in Duitsland na vore gekom.¹⁴³ Uiteindelik, as gevolg van die konvensies en die aktiwiteite van die drukgroepe en nasionale wette, was dit nie meer nodig vir vroue om hul burgerskap op te gee wanneer hulle met 'n man van 'n ander nasionaliteit trou nie en was die kinders ook geregtig op dubbele burgerskap. In Duitsland byvoorbeeld reken diegene wat dubbele burgerskap van geboorte af het of sogenaamde kinders van bi-nasionale huwelike, dat dubbele burgerskap vir hulle belangrik is in hul proses van sosiale integrasie.¹⁴⁴

Kulturele eienskappe

Kulturele eienskappe is sigbare en identifiseerbare kenmerke, byvoorbeeld kleredrag, eetgewoontes, feeste, musiek, blaasorkeste, volksdanse,¹⁴⁵ gebruike, opvoeding van kinders, kinderdissipline, huweliksgebruike, ouers vra, hoe verjaarsdae gevier word, prosa, skryf van gedigte vir spesiale geleenthede, verjaarsdae en gedenkdae.¹⁴⁶

Vertovec verklaar dat transnasionale ondersoek kan word as 'n sosiale morfologie, as 'n tipe van identiteit-bewussyn, 'n kulturele herskepping. Een van die kenmerke van diasporas as sosiale vorm is die “driesydige verhouding” tussen: (a) die globaal verspreide maar kollektief selfgeïdentifiseerde etniese groepe; (b) die territoriale state en die kontekste waarbinne sulke groepe hulself bevind; en (c) die tuisland-state en die kontekste waaruit hulle of hul voorvaders kom.¹⁴⁷

Die vorm¹⁴⁸ van kulturele herskepping is die proses van kulturele inter-penetrasie en samevoeging. Transnasionale word dikwels geassosieer met vloeibare gekonstrueerde vorme in sosiale instansies en alledaagse gebruike en word ook met terme soos sinkretisme, kreolisering, kulturele vertaling-oordraging, hibridies en verbastering uitgedruk. Modes, musiek, films en visuele kunste is party van die meer opsigtelike areas waar mens hierdie prosesse kan waarneem. Die produksie van hibriede kulturele fenomene manifesteer as “nuwe etnisiteit”, veral onder

¹⁴³ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 118.

¹⁴⁴ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 120.

¹⁴⁵ P. Madder, “Germans into Europeans, expellees in postwar Canada”, in A. Freund, (ed.), *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*, p. 231.

¹⁴⁶ T. Faist, M. Fauser, & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 94.

¹⁴⁷ S. Vertovec, *Transnationalism*, p.4.

¹⁴⁸ Engels: mode of cultural reproduction.

transnasionale jongmense wie se primêre sosialisering plaasgevind het onder kruis-kulturele omstandighede.¹⁴⁹

Etniese identiteite in immigrante en hul nasate, en die herlewing daarvan word meestal in die vorm van “simboliese etnisiteit” behou. Hierdie vorm van etnisiteit kom veral voor in die tweede en derde generasies van immigrante en word meestal uitgedruk in eetgewoontes, die gebruik van etniese simbole, soos landsvlae, die vieringe van “tradisionele” feeste, soos die *Oktoberfest* – dit terwyl integrasie met belangrike instellings in die hoofstroom samelewing plaasvind.¹⁵⁰ Tussen hierdie jongmense word fasette van kultuur en identiteit dikwels selfbewustelik geselekteer, gesinkretiseer en uitgebrei van meer as een erfenis.

Die vloeï van kulturele fenomene en die transformasie van identiteite word meer en meer sigbaar gemaak deur globale media- en kommunikasiemiddele. Die deregulering van uitsaaistreke het “nuwe kultuurruimtes” geskep, asook ’n nuwe globale mediakaart. Veral satelliet-televisie het die verspreiding van kanale vir spesifieke etniese of godsdienstige diasporas moontlik gemaak, soos Zee TV vir Indiërs en Space TV Systems vir Chinese.¹⁵¹ Deur die Suid-Afrikaanse betaalkanaal DSTV kan immigrante ook op Europese TV-stasies inskakel. Dorchon Heidemann,¹⁵² ’n Duitse immigrant van Johannesburg, vertel dat sy die kulturele lewe mis - veral die teater - wat ná 1994 in Suid-Afrika verdwyn het. Gelukkig het sy nou Deutcom, ’n televisie kanaal wat vanuit Duitsland uitsaai en haar weer die Europese kultuur laat geniet.

Die identifiseerbare prosesse van assimilasie, integrasie, transkulturalisme en transnasionaliteit

Assimilasie

Assimilasie is die handeling of proses van die absorbering van inligting en ervarings. Dit is die kondisie om geassimileer te wees, of om in iets geabsorbeer te wees. Dis die proses van aanneming en/of aanpassing in ’n ander kultuurgroep of nasie as die immigrant se eie kultuur.¹⁵³ Sosiologies gesproke is dit die samesmelting van die kulturele kenmerke van ’n vorige kenmerkende, uitstaande kultuurgroep, in ’n nuwe milieu en is dit nie net ’n biologiese amalgamering nie. Verder word assimilasie

¹⁴⁹ S. Vertovec, *Transnationalism*, p.8.

¹⁵⁰ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 94.

¹⁵¹ S. Vertovec, *Transnationalism*, pp. 7-8.

¹⁵² WPA, MO (3B), D. Heidemann (76), Fairlands, Johannesburg, 2012.12.08, (NF31, slegs nota).

¹⁵³ A. Stevenson & M. Waite, (eds.), *Concise Oxford English Dictionary*, (Oxford University Press, Oxford, 2011, p.79.

beskryf as die proses waartydens 'n persoon of persone die sosiologiese en sielkundige eienskappe van 'n ander groep verkry.¹⁵⁴

Volgens Jean Piaget is assimilasië 'n term wat verwys na 'n 'andersoortige aanpassingsproses'. Deur assimilasië neem 'n individu nuwe inligting of ervarings en inkorporeer dit in sy bestaande idees. Die proses is ietwat subjektief omdat ons geneig is om die ervarings en inligting 'n bietjie aan te pas sodat hulle kan inpas by ons bestaande oortuigings. Die tweede wyse van aanneming/aanpassing wat deur Piaget beskryf word, is om mens se eie opinie van 'n situasie te herevalueer. Dis 'n proses van *akkommodering*, waar ou idees verander word en selfs vervang word, gebaseer op nuwe inligting.¹⁵⁵

Die Duitse immigrant Klaus Vaqué het opgemerk dat Suid-Afrikaners meer rustig, meer vriendelik en meer hoflik is as Duitsers. Duitsers is gewoonlik haastiger en wedywer met mekaar. Hulle leef in 'n nat, reënerige, donker bewolkte omgewing, veral in die noorde van Duitsland, wat daartoe lei dat hulle meer geneig is om depressief te wees. Vaqué het in dié opsig die Suid-Afrikaanse manier van leefwyse vir homself toegeëien.¹⁵⁶

In die klassieke begrip van assimilasië word dit aangeneem dat identifisering, kontak en aktiwiteite in die nuwe land geleidelik die immigrant sal dwing of druk tot by 'n punt waar hulle hulself sal toelaat om te assimileer.

The classical formulation of assimilation presupposes that identification, contact and activities would gradually orient migrants towards the place of reception following their physical relocation.¹⁵⁷

Hulle vorm nuwe sosiale verhoudings, by die huis met die bure, by die werk en by inkopiesentrums. Hulle word gekonfronteer met psigologiese uitdagings in die proses van aanneming. Die immigrant moet nuwe gewoontes, situasies asook mense akkommodeer. As hy nie gekonfronteer word met streng diskriminasie nie, sal hy eventueel in die samelewing geassimileer word.¹⁵⁸

Sedert die transnasionale perspektief geformuleer is, was die transnasionale konsep krities ten opsigte van die gedagte aan die ideale immigrant se totale integrasie in die land van immigrasie. Eenvoudig gestel verwag die klassieke assimilasiëteorie dat die immigrant opdaag in die nuwe land en 'n nuwe kultuur, taal en gewoontes met hom saambring, maar hy word totaal deel van die nuwe samelewing en integreer met die sleutelinstellings of hoofinstellings van die samelewing, soos die werksplek,

¹⁵⁴ W. Hirsch, 'Assimilation as concept and process', in *Social Forces* 21(1), Oct 1942 – May 1943, (Oxford University Press) <http://jstor.org/stable/2570428>, geraadpleeg 2015.02.16.

¹⁵⁵ J. Block, 'Assimilation, and the dynamics of personality development', *Child development*, 53(2), Apr. 1982, p. 281, <http://www.jstor.org/stable/1128971>, geraadpleeg 2015.02.16.

¹⁵⁶ WPA, MO (02B), K. Vaqué (73), Esqueria, Pretoria, 2014.09.18, (NF45, CD: Z-12).

¹⁵⁷ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 92.

¹⁵⁸ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer *Transnational migration*, pp. 83, 88.

kerke en skole. Die nuweling ervaar aanvanklik konflik in die vorming van nuwe verhoudinge en ervaar moontlik ook psigologiese uitdagings in die proses van aanneming, volgens die klassieke formulering van Robert Park.¹⁵⁹

In die boek *Serving as senders*,¹⁶⁰ bespreek Pirolo die ervaring van sendelinge in 'n nuwe vreemde land. Aanvanklik is daar die wittebrood-periode.¹⁶¹ Emosies is sterk en die opgewondenheid is groot, alles is vreemd en interessant, daar is so baie om te leer, alles is so anders. So is alles ook vir die immigrant nuut en vreemd in die nuwe land en hy leef in 'n seepbel. In die voorbeeld van die sendeling bars die seepbel van euforie op 'n goeie dag en kom hy agter alles is nie meer net interessant nie, die mense se gewoontes is so eienaardig, selfs barbaars in sy oë. Die plaaslike kos is oneetbaar en niks wil reg funksioneer soos wat hy gewoon is nie. Die nuwe taal is onmoontlik om te leer praat en kulturele spanning tree in.¹⁶²

Volgens die klassieke siening sal die proses van assimilasië noodgedwonge plaasvind oor verskeie generasies, maar die uiteindelijke resultaat is volledige assimilasië. Die tweede generasië is veronderstel om minder bande met die land van oorsprong van hul ouers te hê. Voorstanders van totale integrasië en assimilasië betwyfel dat 'n persoon in twee samelewings of politieke-nasionale staatsgebiede kan leef en daarom word dubbele burgerskap verwerp.¹⁶³

Transkulturasie is 'n onderafdeling van assimilasië. 'n Persoon wat 'n transnasionale kultuur verkry het, het die vermoë verkry om in twee of meer verskillende kulture te leef.

Transculturation is the process of individuals and societies to change themselves by integration of diverse cultural ways of life into a dynamic new whole.¹⁶⁴

Integrasië

Integrasië is die handeling of proses om te integreer¹⁶⁵ en stem ooreen met assimilasië. Dit is om mense van verskillende rasse of etniese groepe saam te bring op 'n gelyke vlak in 'n onbeperkte assosiasie as 'n gemeenskap of organisasie.¹⁶⁶

¹⁵⁹ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 88.

¹⁶⁰ N. Pirolo, *Serving as senders*, (Emmaus Road, International, San Diego, California, 1991).

¹⁶¹ Engels: Honeymoon.

¹⁶² N. Pirolo, *Serving as senders*, p.18.

¹⁶³ T. Faist, M. Fauser, & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 89.

¹⁶⁴ Kyk D. Hoerder, in "Losing national identity or gaining transcultural competence: changing approaches in migration history.", in H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history*, p. 258.

¹⁶⁵ A. Stevenson & M. Waite, (eds.), *Concise Oxford English Dictionary*, (Oxford University Press, Oxford, 2011), p. 738.

'n Ander model van integrasie is dié van kulturele pluralisme. Immigrante bewaar die erfenis van hul voorvaders en behou spesifieke kulturele eienskappe, eetgewoontes en godsdienstige opvattinge. Etniese enklawes ontstaan en hier bedryf die immigrante hul eie kleinskaalse besighede, waar hulle aan ander mede-immigrante werkseleenthede bied en wat ook die moontlikheid bied vir ekonomiese opwaartse geleenthede.¹⁶⁷

Immigrante is betrokke by transnasionale aktiwiteite op maniere wat betekenisvol is vir hul lewens.

They are embedded in important ways in the country of immigration and thus subject to acculturation – that is – cultural exchange and adaptation.¹⁶⁸

Die Duitse immigrant, Leo von Lüttichau,¹⁶⁹ het ten volle geakklimatiseer by die Suid-Afrikaanse klimaat. Hy het verder geakkultureer deur gemaklike plaaslike Suid-Afrikaanse kleretipes te dra wat pas by die Suid-Afrikaanse klimaat. Wanneer hy egter dieselfde klere in Duitsland dra, veroorsaak dit ontsteltenis by sy suster. Hy is gewoon daaraan om kaalvoet te loop en om die melk somer met 'n kortbroek en hemp voor die huis by die ingang na die eiendom te gaan haal. Volgens sy suster behoort mens netjies aan te trek om so iets te doen, en, ja, wat sal die bure tog sê?

Individuals combine involvement with the country of origin and integrate it into the new country in different ways and with different degrees of success, related both to upward and downward mobility.¹⁷⁰

Assimilasie, integrasie, transkulturalisme en transnasionaliteit

Assimilasie en integrasie is beide prosesse van immigrasie en transnasionalisme. Assimilasie en integrasie is gelyktydige prosesse wat onder immigrante plaasvind en is ineengestremel met mekaar. Faist beskryf dat veranderde globale omstandighede veroorsaak het dat assimilasie en integrasie nie meer so geredelik plaasvind soos voorheen nie, en dat hierdie prosesse tans langer mag duur of slegs gedeeltelik mag plaasvind. Of alternatiewelik totaal verplaas gaan word in die globaliseringsproses met transnasionaliteit vorming. Die meer transnasionale of veelvoudig gefokusde bande van immigrante sal lei tot 'n groter ambivalensie teenoor die immigrasiebeleid.

¹⁶⁶ M.S. Lary, et al., (eds.), *The American Heritage Dictionary of the English Language, fifth edition*, (Houghton Mifflin Harcourt Publishing Company, Boston, 2013), soos aangehaal op <http://www.thefreedictionary.com/intergration>, geraadpleeg: 2014.09.23.

¹⁶⁷ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 93-94.

¹⁶⁸ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 101.

¹⁶⁹ WPA, MO (2B), L.W.T. Graf von Lüttichau, (75), Pretoria, 2013.01.12, (NF49, CD: X-2).

¹⁷⁰ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 101-102.

Hoe minder immigrante gewortel is in 'n nasiestaat, hoe meer voordelig sal dit wees om 'n transnasionale gemeenskap vir immigrante te vorm.¹⁷¹

The bolder the claims to a diaspora, the greater the tendency on the part of the natives to question the allegiance of the newcomers, and finally, the weaker the inclination to adapt in the country of destination.¹⁷²

Wanneer mense hulself as 'n transnasionale gemeenskap sien, begin hulle hulself as 'n diaspora sien, met 'n lojaliteit elders, en sal die inwoners van die immigrasieland die immigrante se lojaliteit bevraagteken. Dit sal veroorsaak dat immigrante geneig sal wees om nie te integreer nie.

Party skrywers meen dat die assimilasie in die 19de en 20ste eeue sterker ingewerk het op die immigrant, maar dat die immigrasie-dinamika verander het in die 21ste eeu.¹⁷³ Faist meen egter dat die tweede helfte van die 20ste eeu 'n oorgangsfase verteenwoordig na groter transnasionaliteit en hierdie studie poog om dit empiries te bewys. Hy wys daarop dat:

New immigration in the second half of the twentieth century is generally considered to be different from that of earlier, more varied and impacted by different contexts and conditions.¹⁷⁴

'n Belangrike aspek van immigrante is dat hulle dikwels immigrant-verenigings vorm, gebaseer op ekonomiese en politieke gebiede, tuisdorpe en lande van oorsprong.¹⁷⁵ Van 'n eenvoudige assimilasie-perspektief, mag mens vermoed dat aktiewe transnasionale organisasies die poging van die immigrant kan verydel om te integreer met die nuwe land en sy mense. Vanuit 'n transnasionale perspektief het immigrant-organisasies dikwels die karaktereenskappe van 'n veelvoudige aard. Hulle is dikwels terselfdertyd "hier" maar ook "daar" betrokke.¹⁷⁶

Faist sien transnasionaliteit en integrasie as twee verskillende, maar onderling verwante prosesse, wat varieer ten opsigte van die finale uitslag vir individue en groepe.¹⁷⁷

Transnasionaliteit het die gevolg van die sterker behoud van etniese vorme. Die herlewing van etniese identiteite word beskryf as "simboliese etnisiteit".

¹⁷¹ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 89.

¹⁷² T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 89.

¹⁷³ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 89.

¹⁷⁴ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 93.

¹⁷⁵ P. Maeder, "Germans into Europeans: Expellees in postwar Canada.", in A. Freund, (ed.), *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*, pp. 228-229.

¹⁷⁶ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 91.

¹⁷⁷ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 88.

Ethnic retention and the revival of ethnic identities have been described as “symbolic ethnicity”.¹⁷⁸

Hierdie vorm van etnisiteit, veral onder derde en vierde generasie immigrante, word meestal uitgedruk in etniese kossoorte, die *consumption of symbols*, die gebruik van nasionale vlae, kleredrag en die gebruik van simbole wat etnisiteit aandui. Dan is daar ook die viering van “tradisionele” feeste, soos die *Oktoberfest* van Duitse immigrante en die dra van tradisionele klere, terwyl daar integrasie is met belangrike instellings van die hoofstromsamelewing.¹⁷⁹

In beide gevalle van assimilasie en pluralistiese modelle van integrasie is daar in die verlede nie die belangrikheid van voortdurende oorgrensbande van immigrante en hul praktyke in ag geneem nie.¹⁸⁰ Daarom kan transnasionaaliteit gesien word as ’n nuwe vorm van integrasie, anders as assimilasie en integrasie.¹⁸¹

Wat betref die gedagtes of idees van kombinasies en variasies van integrasie en transnasionale konneksies, is die volgende belangrik: integrasie word in terme van transnasionaaliteit gekonseptualiseer as multidimensioneel, kompleks en nie noodwendig in ’n lineêre proses nie en is geneig om ’n onreëlmatige lyn te volg. Dit is nie ’n homogene proses nie en “the dimensions of transnational practices do not vary as a package”. As gevolg hiervan varieer die verhouding tussen integrasie en transnasionalisering en mag dit lei tot verskillende resultate in verskillende sosiale sfere. Daar is variasies van transnasionaaliteit met betrekking tot beweging, graad van institusionalisering, omvang, tipe, doel van die aktiwiteit (politiek, ekonomies, godsdienstig) en sosio-ekonomiese eienskappe (klas en periode in lewenssiklus) van die persone betrokke. Hierdie verskillende aspekte kombineer in vele maniere tussen immigrante.¹⁸² Hier is ’n paar voorbeelde:

- die volwasse immigrant-kind wat sy ouerwordende ouers ondersteun en versorg oor ’n lang afstand;
- die immigrant-belegger wat daaglik verslae ontvang van sy bestuurder op sy plaas of besigheid in ’n voortdurende oorgrens kontak het ten spyte van beperkte bewegingsvryheid; en
- die sendeling wat terugkeer na haar tuisland een keer per jaar, maar wat weekliks konsulteer met haar kerkleier, neem ook deel aan ’n gereelde patroon van transnasionale aktiwiteite.¹⁸³

Assimilasie fokus op integrasie in die ontvangland. Transnasionaaliteit fokus op die oorgrensverhouding van immigrante, dit is met die land van emigrasie. Die kombinasie van beide is veelvoudig en die uiteindelijke resultate net so uiteenlopend.

¹⁷⁸ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 94.

¹⁷⁹ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 94.

¹⁸⁰ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 94.

¹⁸¹ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 95.

¹⁸² T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 101.

¹⁸³ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 101.

Assimilation focuses on integration into the country of immigration, while transnationality is concerned with the cross-border ties of immigrants, in general to the country of emigration. The combination of both is manifold and consequences vary greatly.¹⁸⁴

Samevattend kan verklaar word dat die proses van assimilasië en integrasie nog steeds in verskillende mate van intensiteit aanwesig is by die transnasionale immigrant, maar dat transnasionale die hoofrol speel en die leidende impak op die immigrant het. Voor die groot omwenteling in vervoertegnologie en telekommunikasie gekom het, wat geleidelik plaasgevind het in die tweede helfte van die 20ste eeu, was assimilasië en integrasie die gewone proses wat 'n immigrant ervaar het. Met die nuwe tegnologiese omwenteling het die immigrant transnasionaal begin word. Met die immigrant wat 'n transnasionale ontwikkel, assimileer hy nog steeds in die nuwe land, maar nie meer so baie soos wat vroeër die geval was nie. Die mate van intensiteit van assimilasië en integrasie verskil in die “nuwe moderne” immigrant.

Een van die belangrikste aspekte van transnasionale is dat kennis en inligting versprei en uitgeruil word. Onder immigrante ontwikkel daar oorgrens kennisnetwerke en vind die oordra van vaardighede en spesialiseer plaas. Dit vind plaas in beide rigtings, na die land van immigrasie, wat byvoorbeeld 'n ontwikkelende land kan wees en ook na die land van emigrasie.¹⁸⁵

In die 1950's het die “British Royal Society” die terme “brain drain” geformuleer om die uitvloei van wetenskaplikes na Noord-Amerika te beskryf.¹⁸⁶ Die twee bekendste voorbeelde van wetenskaplike diasporas in 2011 was die “Colombian Red Caldas” en die “South African network of skills abroad”. Die naam “South African network of skills abroad”, dui inherent aan dat hierdie Suid-Afrikaanse netwerk bestaan vir die doel om Suid-Afrikaners met vaardighede te help om goeie werkspesies te kry, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook oor die hele wêreld.¹⁸⁷

'n Positiewe aspek van die immigrasie van immigrante met vaardighede, inisiatief en entrepreneurskap, is dat dit lei tot die vermindering van armoede in die ontvangende land, omdat hierdie soort immigrant werk skep.¹⁸⁸

Tegnologie wat ontwikkel is in Duitsland, voor, tydens en ná die twee wêreldoorloë het op hierdie wyse hulle weg na Suid-Afrika gevind, veral in die petroleum-, staal- en ingenieurs-industrieë. Die Fischer-Tropsch-proses kan as voorbeeld van kennisoordraging na 'n ontwikkelende land dien. Die Fischer-Tropsch-proses is ontwikkel deur twee Duitse wetenskaplikes, Franz Fischer en Hans Tropsch, in

¹⁸⁴ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 102.

¹⁸⁵ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 66.

¹⁸⁶ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 83.

¹⁸⁷ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 80.

¹⁸⁸ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 68.

Duitsland.¹⁸⁹ Die Fischer-Tropsch-proses behels die omskakeling van steenkool na 'n mengsel van gasse (syngas) en dan na vloeibare petroleumprodukte, soos “hydrocarbon” petrol, diesel en kerosen (vliegtuigbrandstof). Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n tekort aan ru-olie in Duitsland. Die behoefte aan alternatiewe bronne van vloeibare petroleum het navorsing aangemoedig. Duitsland het net soos Suid-Afrika groot hoeveelhede steenkool maar nie ru-olie nie en daarom was daar 'n behoefte om die steenkool om te skakel in ander bruikbare petroleumprodukte. Sasol is in 1950 in Suid-Afrika gestig as 'n geïntegreerde energie en chemiese maatskappy. Sasol produseer tans die meeste petroleumprodukte in die wêreld uit steenkool en natuurlike gas op 'n kommersiële grondslag.¹⁹⁰

Immigrante kry nie net te make met kennis van tegnologie nie, maar ook kennis van waardes, ander regeeringsvorme en stelsels. Wanneer immigrante vryheid van uitdrukking en demokratiese en liberale waardes ervaar, verander dit hulle siening en wanneer hulle dan invloed en mag verwerf deur in leiersposisies aangestel te word, ervaar hulle dat hulle ook onderhandelingsmag verkry het.¹⁹¹

Transnasionale historiografie – vergelykende, verstrengelde en 'n oordragingsgeskiedenis

Die doel van hierdie afdeling is om die sleutelkonsepte van vergelykende en transnasionale geskiedenis, oftewel transnasionale, te ondersoek en 'n begrip te vorm oor die beginsels, idees en metodes van hierdie benadering van die historiografie.

Vergelykende geskiedenis

Haupt en Kocka, beskryf transnasionale geskiedenis as 'n vergelykende geskiedenis,¹⁹² want;

Comparative history deals with similarities and differences between historical units, e.g. regions economics, cultures and national states. It is the classical way of transcending the narrow boundaries of national history.¹⁹³

¹⁸⁹ S.N. Ghosh, “Conversion of coal into oil and chemicals: A technology for self-reliant growth.”, in *Economic and political weekly*, 9(41), 1974.10.12, p. 174, <http://www.jstor.org/stable/4364077>, geraadpleeg, 2015.02.15.

¹⁹⁰ A. De Klerk, *Fischer-Tropsch Refining*, (Wiley VCH Verlag GmbH & Co.KGaA, Weinheim, 2011), p. 153.

¹⁹¹ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 86.

¹⁹² H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. vii.

¹⁹³ H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. vii.

In 'n vergelykende geskiedenis gaan dit oor die ooreenkomste en verskille tussen geskiedkundige eenhede. Dit wat gebeur het op een vlak of situasie met dieselfde soort van groep mense, in die een land, word vergelyk met 'n ander groep in 'n tweede land. So word die ooreenkomste en verskille ondersoek en kry mens byvoorbeeld 'n dieper kennis van die ekonomie en kulture van die verskillende nasionale state of streke.

In heuristiese terme laat vergelykings die navorser toe om probleme te identifiseer en vrae te vra wat andersins onmoontlik sou wees. Historiese vergelykings in beskrywende vorm help om 'n duidelike profiel van individuele gevalle te maak. Spesifieke historiese interessantheite kom net na vore wanneer mens verwys na vergelykende voorbeelde, wat beduidende ooreenkomste in sekere opsigte openbaar en weer in ander opsigte onderling verskil.¹⁹⁴

So byvoorbeeld, wanneer 'n mens kyk na die Duitse werkersbewegings en dit vergelyk met dié in Engeland, Frankryk en ook Suid-Afrika, ontdek mens die groot historiese invloed wat die *Bildungsbürgertum* (die geskoolde middelklas) uitgeoefen het. Hulle buitengewone sterk posisie en samehorigheid val ook op.¹⁹⁵

Vergelykende geskiedenis onderskei hom van studies gewy aan analise en interpretasie van een konstellasie, as gedifferensieerd en meer volledig. In die konteks binne oorgrens-immigrasie en die ontstaan van transnasionale verbindings, vorm 'n belangrike raamwerk waarbinne mens, transnasionale immigrasie moet ondersoek, navors en vertolk.

Comparative history is analytically ambitious and empirically demanding. The last decades have witnessed the rise of comparative history, but its practitioners have remained a minority and its critics have not been completely convinced.¹⁹⁶

Op die mees elementêre vlak kan mens onderskei tussen twee basiese tipes historiese vergelykings:

- Dié wat ten doel het om verskille te meet, gemik op die insig in die verskil tussen individuele vergelykende gevalle; en
- Individuele vergelykende gevalle wat fokus op insig ten opsigte van ooreenkomste. Dit is veralgemening.¹⁹⁷

¹⁹⁴ H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. 4.

¹⁹⁵ H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, pp. 3-4.

¹⁹⁶ H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. vii.

¹⁹⁷ H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. 2.

Westers-gedrewe kolonisasie het in die 18de eeu begin. Teen die einde van die 20ste eeu het die verskynsel van globalisering 'n merkbare invloed uitgeoefen op die wyse waarop die proses van immigrasie bestudeer is. In die besonder gaan dit, as gevolg van die globaliserende bewussyn wat bestaan, oor die wedersydse invloed wat verskillende staatsgemeenskappe op mekaar uitoefen. Eers het die Europese koloniste die kolonies beïnvloed waarbinne hulle gevestig het. Met die snelle ontwikkeling van die inligtingstegnologie, sal daar waarskynlik 'n versnelde proses van globalisering wees, waaruit dit duidelik sal blyk hoe alle kulture in die wêreld mekaar beïnvloed. Vergelykende geskiedenis handel oor wat dieselfde is en dan ook met die verskille wat binne historiese entiteite voorkom. Eenhede kan gesien word as groepe van mense, byvoorbeeld streke, ekonomieë, hul kulture en nasionale state. Dit is die klassieke manier om die eng grense van nasionale geskiedenis te oorkom. Daar was 'n toename in vergelykende historiografie in die onlangse jare.¹⁹⁸

In analitiese terme lewer vergelykings 'n belangrike bydrae tot die verduideliking van historiese fenomene. Verder kan vergelykende geskiedenis gebruik word in indirekte proefnemings om 'n hipotese te toets. Vergelykings help om gemeenskaplikhede te vind en na te gaan. In paradigmatische terme kan vergelykings help om die bekende "on-bekend" te maak (minder geredelik bekend te maak). Vergelykings maak ons oë oop vir ander konstellasies wat vroeër nie sigbaar was nie. Dit verskerp ons sin vir die moontlike. Dit transformeer 'n enkele geval te midde van baie ander en lei ons tot die de-provinsialisering van historiese observasie. H. Elliot, soos verwys deur Kocka, sê dat die vergelykende proses ons verplig om te herbesin oor ons aannames omtrent die uniekheid van ons eie historiese verduidelikings.¹⁹⁹

Ná die Tweede Wêreldoorlog was Suid-Afrika een van die kleinere lande wat Duitse immigrante ontvang het. Noemenswaardige getalle Duitse immigrante het na Kanada en Australië geïmmigreer. Freund²⁰⁰ en Tampke²⁰¹ het Duitse immigrasiestudies oor die lande gedoen. Ervarings van Duitse immigrante in die betrokke lande is vergelykbaar met belewenisse van Duitse immigrante in Suid-Afrika.

Gereelde vergelykings ontbloot spesifieke kulturele eienskappe. Breë-basis vergelykings met verskillende nie-Westerse en histories-afgeleë kulture, soos in Afrika, lei die navorser tot nuwe uitdagings. Dit maak dit nodig om die kulturele raamwerk te belig wat nie altyd in 'n nie-vergelykende studie bespreek word nie. Vergelykende studies moedig die historikus aan om te besin oor die kulturele grondslag en kultuur van sy eie studie of dissipline.²⁰² Moontlike velde van

¹⁹⁸ H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. vii.

¹⁹⁹ H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. 5.

²⁰⁰ A. Freund, (ed.), *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*, (University of Toronto Press, Toronto, 2012).

²⁰¹ J. Tampke, *The Germans in Australia*, (Cambridge University Press, Cambridge, 2006).

²⁰² H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, pp. 4-5.

ondersoek is godsdiens, sosiale gewoontes, verhoudings, medies, onderwys, wetenskap, tegnologie, informasie tegnologie, kuns, kultuur, familietradisies, landbou, industrie, vervoer, argitektuur, mynbou, staatkunde, militêr, die wet, konsepte van tyd en stiptelikheid, die vermoë om te beplan en filosofiese wêreldbeskouing.

Duitsers het 'n Europese-Latyns-Griekse wêrelduitkyk wat individualisties is met morele waardes gebaseer op absoluuthede. Hierteenoor staan die Afrika-*Ubuntu* wêreldbeskouing wat die gemeenskap van mense beklemtoon. Die Afrika-konsep van grondbesit is baie meer sosialisties as binne die Westerse denke. Grond behoort aan God en die gemeenskap en die leiers in die gemeenskap administreer dit namens God. Morele waardes is gebaseer op 'n sisteem van taboes. Hierdie konsepte ontwikkel die een uit die ander en daag nou ou historiese doktrines uit.²⁰³

In vergelykende geskiedenis word twee of meer historiese fenomene sistematies bestudeer vir ooreenkomste en verskille met die doel om 'n bydrae te maak tot 'n beter beskrywing, verduideliking en interpretasie.²⁰⁴

Veralgemening

Die konsep van veralgemening is een van die basiese vorme van historiese vergelyking. Vergelykings is gebaseer op veralgemening en veralgemening is oop vir verskillende vorms van vergelyking, wat ook in hierdie studie getoets en bespreek word. Veralgemenings en vergelykings openbaar nasionale idees en gebruike. Die bedoelings en veronderstellings is om in bepaalde idees te glo. Die fokus is daarop wat gemeenskaplik is, om die idees te gebruik om 'n nasionale of groeps-fundamentele model van denke te formuleer en ook gedrag wat in die nasionale (groeps-) samelewing waargeneem word. Wanneer kenmerke binne hul tydruimtelike konteks in uitgebreide streke met ander gekombineer word, word die persepsies van die geskiedenis van nasionalisme (in hierdie geval transnasionale), 'n enkelvoudige sentrale faktor.²⁰⁵

Verstrengelde geskiedenis

Die konsep van verstrengeling²⁰⁶ is deel van die transnasionale geskiedenis en wat dit 'n gedeelde²⁰⁷ geskiedenis daarvan maak.²⁰⁸ Dit is 'n geskiedenis van invloede,

²⁰³ H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. 5.

²⁰⁴ H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. 2.

²⁰⁵ G.H. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. 133.

²⁰⁶ Engels: entanglement, intertwine, interwining = verstrengel, verstrengeling. L.C. Eksteen, *et al.*, (eds.), *Groot Woordeboek, Afrikaans-Engels*, p. 593.

²⁰⁷ Engels: a shared history

oordraging, interkonneksie en gedeelde invloede oor nasionale grense heen. Post-nasionale perspektiewe het die bestudering van transnasionale geskiedenis gestimuleer. Oorspronklik was die aksent op die post-nasionale verskynsel slegs binne die afgebakende konteks van Franse en Duitse geskiedenis waar oorvleueling voorkom. Veral ná die Tweede Wêreldoorlog het baie transnasionale migrasieprosesse tussen die twee lande plaasgevind. Wedersydse kulturele oordraging was aan die orde. Voorheen was die veronderstelling dat oordraging hoofsaaklik van byvoorbeeld die moederland na die kolonie plaasgevind het. Toenemend is aanvaar dat kolonies ook die moederland kan beïnvloed. Die geval van Frankryk en haar voormalige kolonies in Afrika is 'n goeie voorbeeld.²⁰⁹

Die huidige belangstelling in transnasionale en trans-oorgrens-streeksbenaderings, in “vervlegde geskiedenis” en “verstrengelde geskiedenis”,²¹⁰ gee vergelykings 'n nuwe tydlose dimensie.²¹¹ Daar is 'n spanningsveld tussen die klassieke historiese metodes en die beginsel van historiese vergelyking. In vergelykende geskiedenis, word twee of meer historiese fenomene sistematies bestudeer vir ooreenkomste en verskille met die doel om 'n beter bydrae te maak ten opsigte van 'n beter beskrywing, verduideliking en interpretasie.²¹²

Daar bestaan die afgelope 300 jaar 'n verstrengelde geskiedenis tussen Duitsland en Suid-Afrika. Sedert 1924 het Duitsland wol van Suid-Afrika ingevoer en masjinerie en vervaardigde produkte na Suid-Afrika uitgevoer. Met die magsoorname van dr. D.F. Malan in 1948 het die handel met Duitsland toegeneem en ook die weg oopgemaak vir Duitse immigrante en firmas na Suid-Afrika. Die spoorweë en mynbou het baat gevind by die Duitse tegnologie en mannekrag met sy besondere vaardighede.²¹³

Oordraging

Oordraging is die proses waarin waardes en norme, beelde en voorstellings van een kultuur na 'n ander oorgedra word.²¹⁴ Die skrywer is van mening dat oordraging plaasvind deur middel van immigrasie, ontmoeting tussen mense, sosialisering en in die akademiese wêreld deur seminare, die lees van bronne van ander kulture asook

²⁰⁸ H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. vii.

²⁰⁹ Kyk H. Kaeble, “Between comparison and transfers and what now? A French-German debate.” in H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. 34.

²¹⁰ Duits: Verflechtungsgeschichte.

²¹¹ H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. 1.

²¹² H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. 2.

²¹³ W. Schmidt, *Südafrika*, (Druck Gebr. Hermes KG, Bonn, 1963), pp. 194 – 196.

²¹⁴ Kyk H. Kaeble, “Between comparison and transfers and what now? A French-German debate.” in H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. 33.

televisie, films en ander elektroniese media. Klassieke vergelykings fokus hoofsaaklik op strukture en instansies en sluit grootliks ervaringe en geskiedenis uit.²¹⁵

In hierdie studie kyk die skrywer na die individuele ervaring van Duitse immigrante en hoe hulle deur aanraking met blanke en nie-blanke Suid-Afrikaners getransformeer en beïnvloed is. Omdat die studie slegs 'n klein groep van ongeveer 75 Duitse immigrante betrek, wat hoofsaaklik ná die Tweede Wêreldoorlog na Suid-Afrika gekom het, moet die indrukke as beperk en as 'n inleiding tot 'n meer omvattende studie gesien word. Dié Duitse immigrante woon meestal in die Pretoria- en Johannesburg omgewing.

Ervaring staan sentraal in oordragstudies.²¹⁶ Daarom word gekyk na die ervaring van mense oor 'n aantal jare. Klassieke vergelykings is onvoldoende om die historikus se sentrale onderwerpe genoegsaam aan te spreek in terme van tydsbegrippe. As 'n algemene reël is klassieke vergelykings, vergelykings van dieselfde periode. In kontras hiermee word tyd 'n essensiële element in die bestudering van oordrag, omdat die benadering in transnasionaliteit ten opsigte van tyd lineêr is en verandering oor tyd ontleed word. Een onderwerp kan geneem word en daar kan breedvoerig gekyk word na die invloede wat met verloop van tyd daarop ingewerk het en stelselmatig verandering meebring het. 'n Voorbeeld van die oordraging van kennis is die goudmynboubedryf aan die Witwatersrand. Die goudmynbou aan die Witwatersrand het in 1886 begin en teen die 1930's feitlik tot stilstand gekom omdat die bekende goudriewe uitgemyne was. Deur middel van die Duitse geoloog, dr. Rudolf Krahnemann,²¹⁷ se gebruik van Duitse tegnologie, wat die ontdekking van nuwe gouderts wes van Johannesburg moontlik gemaak het, kon die goudmynbedryf voortgaan. Oordraging vind dus nie net plaas ten opsigte van kultuur nie, maar ook ten opsigte van politieke, sosiale en ekonomiese sake.²¹⁸

Elke nasie bestaan nie net uit sy eie tradisies nie.²¹⁹ Internasionale reg beïnvloed ook die nasionale regstelsel van 'n land. Die Suid-Afrikaanse regstelsel is geskoei op die Romeins-Hollandse regstelsel. Hierdie stelsel het saam met Jan van Riebeeck in 1652 na die suidpunt van Afrika gekom en het so ingeburger geraak op Afrikabodem dat daar selfs na die Britse anneksasie van die Kaap in 1806 nie daarmee

²¹⁵ Kyk H. Kaeble, "Between comparison and transfers and what now? A French-German debate." in H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. 34.

²¹⁶ Kyk H. Kaeble, "Between comparison and transfers and what now? A French-German debate.", in H.G. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. 34.

²¹⁷ G. Freiherr von Ketelhodt, *The golden crown of Johannesburg*, (Willsan Mining Publishers, Garden View, Johannesburg, 2007), p. 70.

²¹⁸ Kyk H. Kaeble, "Between comparison and transfers – and what now? A French-German debate." In G.H. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. 43.

²¹⁹ Kyk H. Kaeble, "Between comparison and transfers – and what now? A French-German debate." In G.H. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, p. 35.

weggedoen kon word nie. Terwyl Suid-Afrika 'n Britse kolonie was, het die Engelse regstelsel die Suid-Afrikaanse regstelsel beïnvloed. Die basiese beginsel van 'n voortdurende ontwikkeling van die regstelsel, die Romeins-Hollandse regstelsel, deur middel van hofsake en presedente wat geskep word, het gebly. Daarenteen is die Duitse regstelsel 'n streng gekodifiseerde wetboekregstelsel. Die Duitse regstelsel het 'n invloed op die Suid-Afrikaanse regstel gehad via die versterkte kontak van Duitsers in Suid-Afrika met die *Alte Heimat* en die Duitse immigrante ná 1945. Regter Eberhard Bertelsmann, 'n Duitssprekende Suid-Afrikaner, wat ook onder andere in Duitsland gestudeer het, is van mening dat ongeveer 20% van die huidige konstitusie, wat in Suid-Afrika in werking gekom het na 1994, uit die Duitse regstelsel oorgeneem is.²²⁰

Wanneer lande uitdagings in hul regstelsels ervaar, kyk hulle dikwels na die regstelsels en spesifieke wette van 'n ander land vir moontlike antwoorde wat hul kan aanneem of maklik by hulle spesifieke omstandighede kan aanpas. 'n Mens kan nie net 'n nasie se hele geskiedenis deur sy nasionale geskiedenis alleen verstaan nie. Die transnasionale invloede wat ander nasies op 'n bepaalde nasie gehad het, moet ook onder die soeklig geplaas word.²²¹

Oordrag verbind en integreer nie slegs naburige lande nie en ook nie slegs lede van dieselfde kultuur, soos byvoorbeeld Frankryk en Duitsland nie, maar ook vêrafgeleë lande soos Duitsland en Suid-Afrika. Die proses van oordraging het die gevolg om beskawings te beïnvloed om beskawings in die wêreld te verenig. Tilman Dederling, 'n Duitse burger en professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika het opgemerk dat dit sy persoonlike ervaring was dat dit oor 'n kort periode in die onlangs tyd gebeur het dat die Duitsers in Duitsland nie meer groet met die gebruikelike "Hallo" nie, maar dat dié groet verander het na "Hi".²²² "Hi" is die gebruikelike Amerikaanse vorm van groet.

As voorbeeld van 'n soortgelyke studie kan verwys word na Freund. Freund het 'n vergelykende en transnasionale studie van die Kanadese perspektief gedoen in sy boek *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*. Hy het die Duitse immigrante onder die soeklig geplaas en gekyk hoe hulle hul daaglikse lewens geleef en hoe hulle beweeg het op die weë van hul transnasionale netwerke. Dit is die verhaal van 'n etniese groep se ervaringe en hoe hulle geïntegreer het binne die groter nasionale geskiedenis van Kanada.²²³

²²⁰ WPA, MO (2B), E. Bertelsmann (67), Pretoria, 2013.06.01, (NF48 CD: W-19), Voordrag gelewer te Pretoria Stadtmission.

²²¹ Kyk H. Kaebler, "Between comparison and transfers – and what now? A French-German debate." In G.H. Haupt & J. Kocka, (eds.), *Comparative and transnational history: Central European approaches and new perspectives*, pp. 34-35.

²²² WPA, MO Swartboek, S. Schwab, (27), Universiteit van Pretoria, Pretoria, 2014.09.19; nota, Kommentaar van Prof Tilman Dederling (van Unisa) tydens 'n referaat gelewer deur Sarah Schwab.

²²³ A. Freund, (ed.), *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*, p. 3.

Die outeurs van die verskillende hoofstukke in *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*, gebruik post-nasionale paradigmas om die vergelykende, transnasionale, transkulturele en diasporiese stories te vertel. Dit wys hoe immigrante 'n eie etnisiteit ontwikkel te midde van die doelbewuste Kanadese nasiebou-program en ondersoek die immigrante se gesamentlike herinneringe en “denkbeeldige gemeenskappe” in 'n poging om immigrasie-studies verder te neem verby net 'n eenvoudige kultuurwaarneming.²²⁴

Die doel van 'n vergelykende studie is om die historikus aan te moedig om te reflekteer oor die eie kulturele grondslae en op die kultuur van die eie skolasiese dissipline, om die eie perspektief en begrip te vergroot asook om die verskeidenheid van kulture te konseptualiseer.

Die benadering tot vraagstelling in die ondersoek van die transnasionaliteit van immigrante.

Die basis vir vraagstelling

Metodologie is 'n bepaalde stel prosedures of metodes wat gebruik word om navorsing mee te doen en verskaf 'n bepaalde invalshoek. Dit voorsien 'n sistematiese basis om te besluit watter metode van vrae stel en insameling die beste inligting moontlik gaan voorsien, wat benodig word om spesifieke navorsingsvrae te beantwoord. Instrumente is nodig om transnasionaliteit en transnasionale fenomene op 'n empiriese wyse te bestudeer en om só met 'n sistematiese wyse tot substantiewe gevolgtrekkings te kom.²²⁵

Transnasionaliteit het te doen met die identiteit van mense en daarom is die navorsing biografies georiënteerd. Die beginsels vir die skryf van 'n biografie geld in 'n groot mate vir hierdie studie in die daarstelling van die transnasionale verhaal van die Duitse immigrante ná Suid-Afrika ná 1945. Onderhoude moet gevoer word met die gebruik van beplande en leidende vrae. In haar navorsing oor die Russiessprekende vroue-immigrante in Duitsland en Kanada, maak Kühn gebruik van oopeinde vrae in haar navorsingvraelys, waarna sy die data analiseer en interpreteer.²²⁶

Om te vermy dat navorsingsresultate beïnvloed word deur eng geformuleerde teoretiese en vooropgestelde idees, moet die navorsingsvrae eenvoudig en

²²⁴ A. Freund, (ed.), *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*, p. 3.

²²⁵ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 135-136.

²²⁶ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 10.

algemeen geformuleer word. In die verloop van die navorsingsproses moet die resultate met empiriese inligting gestaaf word.²²⁷

Dit beteken die antwoorde op spesifieke vrae moet gegroepeer word en uit die analise van groeperinge kan tendense dan waargeneem word en gevolgtrekkings gemaak word.

Navorsingsvrae in só 'n studie is dinamies en sal met die verloop van tyd en ervaring uit die onderhoude verander en verder ontwikkel. Vrae sal verfyn en aangepas word soos die studie deur evolusiefases gaan en meer en meer gefokus raak. As agtergrond vir die vraagstelling en ondersoek, sal in gedagte gehou moet word dat immigrasie 'n transformasieproses is en dat die lewenswyse of patroon van die onderwerp se geaardheid sal verander met verloop van tyd en sy subjektiwiteit en identiteitskonstruksie beïnvloed word.

Auf Grundlage einiger Untersuchungen kann angenommen werden, dass Migration als Übergang von einer Gesellschaft in eine andere Transformationsprozess gefolgt wird, bzw., eine zweite Sozialisation im Lebensarrangement der Immigranten hervorruft.²²⁸

As basis van sommige ondersoeke kan aangeneem word, dat immigrasie as oorgangsfase van een gemeenskap na 'n ander, deur 'n transformasie proses gevolg word. Dit is 'n tweede sosialisering proses wat plaasvind in die lewensomstandighede van die immigrante.

Al is van die vrae ook tydens die onderhoude oop, moet onderhoude gestruktureerd wees. Daar moet op probleemareas gekonsenteer word deur middel van waarneming. Soms is dit moeilik vir 'n persoon om 'n onaangename ervaring te verwoord of oor 'n taboe-onderwerp te praat. Daar moet deur waarneming van die hele persoon, sy lyftaal, ens., vasgestel word wat die respondent se werklike gevoelens, bedoeling of mening in 'n bepaalde saak is.²²⁹

Ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog is die Duitse bevolking, vrouens en kinders ingesluit, na die Duitse konsentrasiekampe geneem waar die Jode gemartel is en moes hulle die lyke besigtig en ook help opruim. Films is gemaak oor die gruweldade van die Nazi's en die bevolking is gedwing om daarna te kyk.²³⁰ Vir die

²²⁷ M.A. Ruokonen-Engler, "Unsichtbare Migration?" *Transnationale Positionierungen finnischer Migrantinnen: Eine Biographieanalytische Studium*, p.10.

²²⁸ M.A. Ruokonen-Engler, "Unsichtbare Migration?" *Transnationale Positionierungen finnischer Migrantinnen: Eine Biographieanalytische Studium*, p. 10.

²²⁹ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 11.

²³⁰ Kyk H. Michaelis, "Die Endphase des 2. Weltkrieges und seine Folgen", in G. Deschner, (ed.), *Der zweite Weltkrieg. Bilder-Daten-Dokumente*, (Bertelmann Lexikon - Verlag Reinhard Mohn, Güterloh, 1968), p. 638.

respondente was dit baie moeilik om oor hierdie periode in hul lewens te praat. Gewoonlik het hulle skaam begin rondkyk en in sagte tone gepraat.²³¹

Om te illustreer hoe die navorsingsvraag die keuse van metodologie kan lei, verwys Faist na die boek *The Polish Peasant*.²³² Die metodologie van William Thomas verwys na die sosiale “ongeorganiseerdheid”, veroorsaak deur modernisering, wat lei tot die herorganisering van die sosiale orde. Thomas het opgemerk dat Poolse immigrante blootgestel was aan sosiale veranderinge in beide Amerika en Pole, dat hulle netwerke gevorm het en hibriede vorms van beide kulture gevorm het. Thomas kon, in sy situasie, nie steun op klassieke etniese metodes van ondersoek, soos om ’n deelnemer (immigrant) onder observasie waar te neem nie. Eendag terwyl hy in die strate van Chicago gestap het, het ’n vuilgoedsak amper op hom geval. In die proses het ’n brief van ’n Pool uit die werkersklas aan ’n familielid in Chicago uitgeval. Die insident van die brief het aanleiding gegee daartoe dat Thomas op die idee gekom het om briewe te analiseer en so het die metode ontstaan wat later die biografiese metode in sosiologie geword het.²³³ Dokumentasie-analise vorm ’n belangrike deel van ondersoek en moet op persoonlike dokumente soos private briewe, prosa en memoires van immigrante gedoen word.²³⁴

Nasiestaat, versus stuur en ontvangland

Daar is ’n paar moontlike metodologiese uitdagings wanneer ’n transnasionale analise gedoen word. Die eerste uitdaging is metodologiese nasionalisme. ’n Metodiese benadering word gebruik in die nasiestaat-benadering, met die sentrale relevante konteks binne empiriese studies op oorgrens immigrasie, wat behoort aan ’n vorige era van immigrantnavorsing. Die veronderstelling hier is dat die nasiestaat die hoof sosiale konteks van immigrasie is, sowel as die territoriale raamwerk van empiriese migrasie-studies en dat beide die strategieë van die navorsingsontwerp en van dataversameling en analisering determineer.²³⁵ Omdat die periode 1945 tot ongeveer 1970 uniek is in die wêreldimmigrasie-geskiedenis, in die sin van dat dit moontlik ’n oorgangsperiode van klassieke immigrasie tot transnasionaliteit en globalisering verteenwoordig, mag die benadering tot die nasiestaat tog ’n rol gespeel het in die lewens van die Duitse immigrante na Suid-Afrika in hierdie periode.

Twee doktorale studies van Nederlandse immigrante na Suid-Afrika ná 1945, maak gebruik van hierdie nasiestaat metodologiese strategie, dié van Loedolff²³⁶ en In den

²³¹ WPA, MO (2A), I. Steinberg, (82), Pretoria, 2012.07.17, (NF20. CD: U-13,14)

²³² Kyk W.I. Thomas & F. Znaniecki, “The Polish Peasant in Europe and America”, in T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 146.

²³³ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 146.

²³⁴ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 11.

²³⁵ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 137.

²³⁶ J. Loedolff, *Nederlandse immigrante: ’n Sosiologiese ondersoek van hulle inskakeling in die gemeenskapslewe in Pretoria*, (Haum, Kaapstad, 1970).

Bosch.²³⁷ Loedolff se studie fokus op die Nederlandse immigrante wat na Suid-Afrika en spesifiek Pretoria en omgewing, geïmmigreer het in die periode 1946 tot 1955. Nadat hy die redes vir hul emigrasie uit Nederland en die organisasies betrokke bespreek het, fokus hy op empiriese gegewens van die aanpassings- en assimilasiëprosesse van die immigrant, 'n sosiologiese studie. Hy gee besondere aandag aan die rasseverhoudinge in Suid-Afrika en die Nederlanders se reaksie daarop.²³⁸ In den Bosch se proefskrif, geskryf in Nederlands, is 'n voortsetting op Loedolf se werk. Sy periode van ondersoek is vanaf 1956 tot 1963 en hy het die fokus van sy navorsing uitgebrei met 'n vergelykende studie van die Nederlandse immigrant gemeenskappe van Pretoria en Kaapstad met mekaar. Vir hom was die kulturele, ekonomiese en sosiale faktore van die immigrante belangrik.²³⁹ In beide studies is die gedagte van transnasionisme afwesig.

Dit is duidelik dat immigrasie nie net lei tot 'n groter etniese kultuurverskeidenheid binne nasie-state nie, maar dit lei ook tot die transformasie van identiteite en die verwydering van tradisionele landsgrense.

Fast unweigerlich führt Migration nicht nur zu größerer ethno-kultureller Vielfalt innerhalb von Nationalstaaten, sondern auch zu Umgestaltung von Identitäten und Verwischen traditioneller Grenzen.²⁴⁰

Ongetwyfeld lei immigrasie nie net tot groter etniese en kulturele verskeidenheid binne die grense van nasionale state nie, maar daar is ook 'n vorming van nuwe identiteite in persone en lei tot die uitwissing van tradisionele grense.

'n Beperking van die nasie-staat metodologie is die algemene klem op die belangrikheid van die staat se outoriteit, 'n territoriale gebied en samelewing. Wanneer die navorser wil verstaan hoe transnasionale sosiale ruimtes ontwikkel en herhaaldelik gevorm word en hoe praktyke van immigrante en nie-immigrante betrokke is, moet breër gekyk word as net na die stuur- en die ontvangslande.²⁴¹

Eenhede van analyses moet sorgvuldig gedefinieer word. 'n Algemene reël is om spesifiek te wees met die omvang van empiriese analyses en met verwysings na die betrokke groep van immigrante. Vir hierdie studie sal die fokus en ondersoek wees op die Duitse immigrante wat tussen 1945 en 1980 na Suid-Afrika gekom het. Die staat kan 'n eenheid van ondersoek wees, byvoorbeeld wanneer die publieke beleid van 'n staat teenoor immigrasie en diasporas in sy midde ondersoek word. In die periode ná die Tweede Wêreldoorlog het die Suid-Afrikaanse regering Europeërs na

²³⁷ B. In den Bosch, De verschillende aspecten van de aanpassing der Nederlands immigranten in Zuid-Afrika, (Ph.D., Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1963).

²³⁸ J. Loedolff, *Nederlandse immigrante...*, pp. 1-256.

²³⁹ B. In den Bosch, De verschillende aspecten van de aanpassing der Nederlands immigranten in Zuid-Afrika, pp. 1-320.

²⁴⁰ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 11.

²⁴¹ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 138-139.

die land uitgenooi om die blanke bevolking te versterk.²⁴² As alternatief tot 'n nasie-staat immigrasie-ondersoek, is die transnasionale sosiale ruimtemetodologie beskikbaar as konseptuele instrument, wat as vertrekpunt kan dien.²⁴³

Die hoof belangstelling van die konstruksie van transnasionale sosiale ruimtes, is op individuele vlak. Dit bepaal die keuse van 'n kwalitatiewe navorsingsmetode.²⁴⁴ Kühn verklaar:

Um der Komplexität des Forschungsgegenandes gerecht zu werden und mit den aktuellen Entwicklungen auf diesem Gebiet Schritt zu halten, musste ich einige Methoden triangulieren. Dementsprechend wurden biographisch orientierte sowie problemzentrierte Leitfadenterviews durch Beobachtung und Dokumentenanalyse ergänzt.²⁴⁵

Om aan die kompleksiteit van navorsingsgegewens te laat gereg geskiet en om met die aktuele ontwikkeling op hierdie gebied in pas te bly moet ek (die skrywer van die aanhaling) 'n driehoekige metodiese benadering van ondersoek volg. Daarom word die biografiese georiënteerde, probleem gesentreerde, gestruktureerde en leidende onderhoude ook met aktiewe waarneming en verder deur dokument analises ondersteun.

Omdat die navorsingonderwerp kompleks is, het Kühn in haar metode van ondersoek 'n drievoudige benadering gevolg. Die navorsing is biografies georiënteerd en daarom was die onderhoude gestruktureer met leidende vrae en is aangevul deur observasie en dokumentasie analises. As gevolg van die feit dat mens met oop vrae werk, moet mens by die omstandighede en gegewe faktore in die veld, dit is tydens die onderhoud, aanpas en só 'n mens se navorsingsblik meermale opnuut fokus. Op hierdie wyse beweeg mens stap vir stap agter die versamelde inligting van die immigrante se geskiedenis oor die transnasionale familienetwerke aan tot by die diaspora.²⁴⁶

Faist verwys na die navorser, Cindy Horst, wat 'n studie op Somaliese vlugteling-immigrante na Europa en die Verenigde State van Amerika gedoen het. In die proses van navorsing het sy haar bevindinge, soos dit beskikbaar geword het, in

²⁴² D.W. Krüger, *The making of a nation, a history of the Union of South Africa, 1910-1961*, (Macmillan, Johannesburg, 1969), p. 246; Debatte van die Volksraad (Hansard), Vierde sessie – derde parlement, 31 Januarie tot 21 Junie 1969, (Dele 25.26 en 27), (Nasionale handelsdrukkery Beperk, Elsiesrivier vir die Staatsdrukker, Pretoria, 1969), pp. 7756-7761.

²⁴³ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational Migration*, p. 140.

²⁴⁴ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 11.

²⁴⁵ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 11.

²⁴⁶ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 11.

artikels gepubliseer en terugvoer en voorstelle gevra oor die navorsing. Só het sy 'n deelnemende benadering met veelplekkige veldwerk verkry.²⁴⁷

Wanneer die immigrant se sosiale ruimtes ondersoek word, moet die eenhede van analyses gekies word volgens die vlakke waarvan die analyses gemaak gaan word. Dit behels familie-eenheid, die netwerk van mense en organisasies waar hulle lede is, kultuurorganisasies asook internasionale organisasies soos kerkdenominasies, internasionale besighede en handelsorganisasies. Die gebruik van die konsep van sosiale ruimtes help met die deliniasie van sosiale formasies relevant tot die onderwerp-gebiede.²⁴⁸

Multi-oord etnografie

Die tweede metodologiese uitdaging is die multi-oord etnografiese metode. Dit beteken dat veldwerk op verskillende plekke, regoor verskeie lande gedoen moet word. Hierdie metode volg immigrante waar hulle ook al gaan en so word vasgestel hoe die individue en groepe oorgrensbande en ook virtuele netwerke vorm.²⁴⁹ Die basiese beginsel van multi-oord etnografie is om die bewegings van die akteurs, voorwerpe, kulturele werke en artefakte te volg.²⁵⁰

Deur middel van so 'n etnografiese studie van 'n verspreide familienetwerk van Karibiese oorsprong, het die navorser Olwig, immigrantgebruike en -gewoontes waaraan die verskillende akteurs deelgeneem het, vasgevang. Sy het ook die aard van die sosiale kultuursisteme wat ineengevoeg word en na vore kom wanneer immigrante beweeg, tussen verskillende plekke beskryf.²⁵¹

Immigrantformasies word dikwels gebou rondom verskeie kategorieë, soos etnisiteit, ras, geslag, opleiding, professionele opleiding en politieke affiliasie. Aanduiders van verskille, anders as etnisiteit en nasionaliteit, soos transnasionaliteit, is ook belangrik. Geslag, sosiale klas, godsdiens of selfs leefstyl, mag net so belangrik wees of selfs belangriker as etnisiteit.²⁵² Só byvoorbeeld het die manlike Duitse immigrante wat met Duitse vrouens en kinders geïmmigreer het na Suid-Afrika, moontlik in 'n mindere mate transnasionaliteitsveranderinge beleef, in vergeleke met dié wat as enkelinge gekom het en met Afrikaanse of Engelse, of ander Europeërs soos byvoorbeeld Portugese of Russe getrou het. In die Apartheidstyd is huwelike met ander rasse nie geduld in Suid-Afrika nie.

²⁴⁷ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 149.

²⁴⁸ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 140.

²⁴⁹ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 135-136.

²⁵⁰ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 148.

²⁵¹ K.F. Olwig, "Transnational socio-cultural systems and ethnographic research: views from an extended field site.", in *Transnational migration, international perspectives, international migration review*, 37(3), Fall 2003, p. 787.

²⁵² T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, pp. 141-142.

Onder toestande van transnasionaleiteit mag mense veelvuldige lidmaatskappe hê in verskeie sosiale sfere. Om meer presies te wees, hulle is in staat om bande te hê met verskillende etniese, nasionale of godsdienstige assosiasies, gelyktydig. Hierdie mag uitgebrei word in die wetlike ruim en so kan persone meervoudige burgerskappe besit.²⁵³

Wanneer empiriese navorsing gedoen word op 'n spesifieke etniese groep immigrante, moet die navorser uitstyg bo 'n suiwer etniese fokus, om, voordat 'n deeglike ondersoek gedoen is, sekere gemeenskaplike kulturele eienskappe aan 'n bepaalde immigrant groep toe te dig. Só byvoorbeeld kan gefokus word op heterogene kenmerke in 'n bepaalde etniese groep, soos godsdien, as begin punt.²⁵⁴ Duitse immigrante na Suid-Afrika was van 'n verskeidenheid godsdienstige, of liewer Christelike denominasies, soos die Katolieke, Lutherane (die meerderheid), Broedergemeentes, Baptiste, asook nie-kerkgangers en ateïste.

Die derde uitdaging is die posisie van die navorser en sy onderwerp in 'n multi-oord-omgewing.²⁵⁵ Van belang is om ingedagte te hou die magshierargie tussen die navorser en die navorsingsonderwerpe, die geslagsaspek, sosiale klas en etnisiteit.²⁵⁶ Dit was opmerklik toe die navorser die Duitse immigrant-assosiasie, *Freunden des Deutschen Ostens*, begin besoek het, dat hy aanvanklik met agterdog bejeën is. Eers na ongeveer drie jaar is die navorser aanvaar en het die Duitse immigrante hom begin sien as een van hulle, met 'n soort van "wettige reg" om hul vergaderinge by te woon. Die navorser het beklemtoon dat sy vader ook 'n Duitse immigrant was en ook 'n tydperk tydens die Tweede Wêreldoorlog in Oos-Pruise gewoon het.²⁵⁷

Mobiele etnografie

'n Tweede variant van etnografie is "mobiele etnografie". Mobiele etnografie vergelyk die mobiliteit van mense. Mobiele etnografie adresseer direk ruimtelike beweging van mense in transnasionale sosiale ruimtes deur die direkte observasie van assosieerbare sosiale praktyke, soos die stuur van gelde of die organisasie van assosiasies. Hierdie benadering begin met mobiliteit en patrone van geografiese bewegings.²⁵⁸

²⁵³ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational Migration*, p. 141.

²⁵⁴ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational Migration*, p. 142.

²⁵⁵ Engels: Positionality in multi-sited research.

²⁵⁶ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational Migration*, p. 143.

²⁵⁷ WPA, H.W. Wehrmeyer, My herinneringe en aantekeninge oor die verlede en hede, p. 42.

²⁵⁸ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational Migration*, p. 149.

Kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderinge

In 'n kwantitatiewe benadering van ondersoek word gebruik gemaak van statistieke om so die effek van variasie op verskillende vlakke of aspekte tussen mense en lande te bepaal. Daar word byvoorbeeld gevra wat die effek van transnasionaleiteit op immigrante en hul families is wanneer dit kom by hul kinders se onderwysmoontlikhede. In hierdie benadering word data oor 'n breë spektrum van variasies wat transnasionaleiteit aandui versamel, asook onderwysagtergrond, die professionele posisie van ouers en die frekwensie van skuif van die een onderwysstelsel na 'n ander. In essensie is kwantitatief-georiënteerde navorsingsmetodes gedoen om die gemiddelde effek van die variasie vas te stel.²⁵⁹

In kontras met 'n kwantitatiewe benadering, is 'n kwalitatiewe benadering se doel om vrae te vra omtrent die kenmerke van 'n geval en te poog om die uitslag van die bepaalde geval te verklaar. Kwalitatiewe navorsingsvrae, stel "hoe"-vrae. Hoe verklaar 'n respondent sy betrokke ervaringe? Hoe het die prosesse gelei tot die verskillende gevolge wat waargeneem is? Elke immigrant ervaar transnasionaleiteit verskillend en op verskillende vlakke.²⁶⁰

Opsomming van vraagstelling ten opsigte van transnasionaleiteit aangepas vir hierdie studie

Hierdie studie verbind transnasionaleiteitsperspektiewe met immigrasieprosesse en die subjektiewe konstruksies in hul kompleksiteit met transnasionale staatlike assimilasië- en akkulturasie aspekte. Daarby word 'n biografies-teoretiese perspektief gevoeg, wat moontlik gemaak word deur die proses van immigrasie asook die gemeenskap se wordingswese van onderwerpe in die verskeie histories-gemeenskaplike kontekste en uit die immigrante se eie perspektiewe ondersoek.²⁶¹

Diese Studie knüpft an die Transnationalitätsperspektive an, um Migrationsprozesse und Subjektkonstruktionen in ihrer Komplexität jenseits der kulturalisierenden und nationalstaatlich begrenzten Assimilations- und Akkulturationsvorstellung untersuchen zu können. Dazu wurde eine biographietheoretische Perspektive herangezogen, die ist ermöglicht, die Prozesshaftigkeit der Migration sowie das gesellschaftliche Gewordensein von Subjekten in verschiedenen historisch-gesellschaftlichen Kontexten aus der Perspektive der Migrantinnen selbst zu untersuchen.²⁶²

²⁵⁹ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 146.

²⁶⁰ T. Faist, M. Fauser & E. Reisenauer, *Transnational migration*, p. 148.

²⁶¹ M.A. Ruokonen-Engler, "Unsichtbare Migration?" *Transnationale Positionierungen finnischer Migrantinnen: Eine Biographieanalytische Studium*, pp. 9-10.

²⁶² M.A. Ruokonen-Engler, "Unsichtbare Migration?" *Transnationale Positionierungen finnischer Migrantinnen: Eine Biographieanalytische Studium*, p. 10.

Gebaseer op Kühn se modelvrae in haar ondersoek van transnasionale vrouens in Duitsland en Kanada,²⁶³ is die volgende vrae vir hierdie studie geformuleer:

- Hoe ontstaan transnasionale ruimtes en watter faktore beïnvloed die vorming daarvan?
- Wat is die dimensies van transnasionale ruimtes en hoe word dit gekonstrueer?
- Watter rol speel die Duitse immigrante in hulle, “in geleefde transnasionaleiteit”?

Kan mens aan die begin van die tweede helfte van die 20ste eeu praat van die ontstaan van ’n na-oorlogse (1945) nuwe Duitse diaspora in Suid-Afrika? Wat is hul besondere, intrinsieke en fundamentele kenmerke?²⁶⁴

Slotsom

Die ondersoek na transnasionale geskiedskrywing in hierdie hoofstuk word in die komende hoofstukke van toepassing gemaak waar daar op die Suid-Afrikaanse, asook die Duitse kontekste gefokus word.

Met die skryf van die biografie van Wolfgang Wehrmeyer (1933-2008) in hoofstuk 3 en ook hoofstuk 4, 5 en 6, sal uitstaande eienskappe en kenmerke van transnasionaleiteit in die individu Wolfgang Wehrmeyer en die individueë van die groter groep Duitse immigrante ná 1945 uitgelig word, soos dit in die konteks van biografiese en prosopografiese geskiedskrywing ontvou.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word uit die ondersoek na hierdie bepaalde historiografie, is dat die begrippe transnasionaleiteit en transnasionaleisme verwant is. By transnasionaleiteit gaan dit oor die transnasionale identiteit van die immigrant en by transnasionaleisme oor die verhoudinge en interaksies tussen mense en organisasies oor die nasionale staatsgrense heen en is daar ook soms ’n politieke ondertoon. Die twee begrippe is nie in konflik met mekaar nie, maar komplimenteer mekaar.

²⁶³ N. Kühn, *Die Wiederentdeckung der Diaspora: Gelebte Transnationalität russischsprachiger Migrantinnen in Deutschland und Kanada*, p. 10.

²⁶⁴ Duits: Was sind ihre konstitutiven Merkmale?